'N ALGORITME VIR KLEINSTEKWADRATE-BENADERING

deur

AUGUST SCHAAFSMA

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

M.Sc. (Toegepaste Wiskunde)

in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde,

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

Oktober 1977

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Bladsy

1. INLEIDING

1.1 Doel

Die doel van hierdie studie is, om 'n rekenaarprogram te ontwikkel vir die passing van 'n lineêre en/of nie-lineêre funksie, deur 'n aantal eksperimentele datapunte, sodanig dat die som S(a) van die kwadrate van die verskille tussen die eksperimentele en die berekende funksiewaardes in die ooreenstemmende punte 'n minimum is. In wese reduseer die taak dus na die bepaling van die koëffisiënte a_i, i=1,2, --, m in die passingsfunksie F.

Die ongepubliseerde rekenaarprogram PASF [18] is tot dusver gebruik om krommepassings te doen. In dié program word die minimeringsroetine MINIM [4] gebruik wat afgelei is uit die steilste dalingsmetode van Fletcher en Powell [19]. Daar is egter gevind dat die metode relatief stadig na 'n oplossing konvergeer as daar baie eksperimentele data is en/of 'n passingsfunksie met 'n groot aantal koëffisiënte gebruik word. Verder word daar nie in die program voorsiening gemaak vir die berekening van enige statistiese gegewens of die gebruik van 'n grafiektrekker om die eksperimentele data te stip of die passingsfunksie te teken nie.

In die nuwe program PASPLT moet daar dus gepoog word om die nadele en tekortkominge van die ou program uit te skakel. Dus moet daar aan die volgende vereistes voldoen word:

(a) Die metode moet vinnig na 'n oplossing konvergeer al bevat die passingsfunksie 'n groot aantal koëffisiënte a_i en al sou daar ook baie eksperimentele data wees.

(b) Die rekenaargeheue wat gebruik word, moet tot 'n minimum beperk word, dus moet dit maklik wees om die orde van 'n matriks te kan verander.

(c) Die program moet verskillende statistiese parameters kan bereken. Byvoorbeeld korrelasiekoëffisiënte, gemiddeldes, standaardafwykings en regressiekoëffisiënte.

(d) Ook moet die program die fasiliteit besit om uit die gegewe data, die nodige veranderlikes wat in die passing gebruik word, tussen gegewe grense uit te soek.

(e) Die koëffisiënte a_i, $i=1,2,--,n$ van die passingsfunksie, moet tussen gegewe grense beperk kan word, en moet selfs gedurende die minimeringsproses konstant gehou kan word.

(f) Daar moet in die program voorsiening gemaak word vir die stip van eksperimentele data en om die passingsfunksie te kan teken.

(g) In dieselfde lopie moet verskillende funksies gepas kan word.

1.2 Uiteensetting

In hoofstuk 2 word die teorie van die pseudo-inverse van 'n matriks sowel as die Householder-transformasies wat in die passingstegniek gebruik word, bespreek.

In hoofstuk 3 word die Newton-Gauss-Marquardt-passingstegniek bespreek en gewys hoe ons hiervan in ons tegniek gebruik maak. Daar word ook op verskille tussen verskillende bestaande tegnieke gewys.

Die program PASPLT word in hoofstuk 4 beskryf en 'n lys van die verskillende Fortran- en Assemblerroetines verskyn respektiewelik in Bylae A en B. Numeriese voorbeelde ter illustrasie van die verskillende moontlikhede word in Bylae C gedoen.

In hoofstuk 5 word verskillende minimeringsprogramme met PASPLT vergelyk. Dit word gedoen aan die hand van voorbeelde in [20] en [21].

2. PSEUDO-INVERSE EN HOUSHOLDER-TRANSFORMASIES

2.1 Die Norm van 'n Matriks

Definisie

Die norm $||A||$, van 'n (mxn)-matriks A is 'n waarde wat aan die matriks toegeken word, en besit die volgende eienskappe:

(1) $||A|| \geq 0$, $||A|| = 0$ as en slegs as $A=0$

(2) $||cA|| = |c| \; ||A||$ vir c 'n reële getal

(3) $||A+B|| \leq ||A|| + ||B||$

(4) $||AB|| \leq ||A|| \; ||B||$

Eienskap (3) word driehoeksongelykheid genoem en eienskap (4) die Schwarz ongelykheid.

Die norm kan op verskillende maniere gedefinieer word. Die twee bekendste definisies is die spektraalnorm en die Euklidiese norm, nl.

(i) Die Euklidiese norm $||A||_E = \left(\sum_{i=1}^{m} \sum_{j=1}^{n} a_{ij}^2\right)^{\frac{1}{2}}$

(ii) Die spektraalnorm $||A||_S = \max_i \left[\lambda_i \, (AA^T)\right]^{\frac{1}{2}}$, waar $\lambda_1, ---, \lambda_m$ die eiewaardes van AA^T is, en A^T die getransponeerde van A voorstel.

Kreyszig [13, p.281] het bewys dat dié norms invariant is ten opsigte van ortogonale transformasies.

2.2 Die Pseudo-inverse

Die pseudo-inverse A^+ van 'n (mxn) matriks A speel 'n belangrike rol in die oplos van kleinstekwadraat-probleme. Beskou 'n (mxn)-matriks A as 'n lineêre afbeelding van E_n in E_m.

$$Ax = y \text{ met } x \in E_n,\ y \in E_m. \qquad (2.1)$$

As die afbeelding een-eenduidig en op is, dan bestaan daar 'n unieke inverse afbeelding.

As A egter nie een-eenduidig is nie maar wel op is, bestaan daar meer as een oplossing vir 'n gegewe y, en as A een-eenduidig is en nie op is nie, kan y buite die waardegebied van A wees.

Met 'n kleinstekwadraat-benadering probeer ons 'n unieke x vind waarvan die afbeelding die naaste aan y is. As A nie een-eenduidig of op is nie, kan daar meer as een vektor wees waarvan die afbeeldings ewe ver van y is. Met behulp van die pseudo-inverse word (2.1) opgelos, sodat die unieke oplossing x verkry word.

<u>Definisie 2.2.1</u>

Die pseudo-inverse van 'n (mxn)-matriks A, is 'n (nxm)-matriks A^+, wat $y \in E_m$ op 'n unieke vektor $x \in E_n$ afbeeld sodanig dat

(i) $x \in \{w : \|Aw-y\|_E\}$ 'n minimum is

(ii) x is die element van bogenoemde stelsel met minimum norm.

<u>Definisie 2.2.2</u>

Boullion [17,p.1] definieer die pseudo-inverse van 'n (mxn)-matriks A, as 'n (nxm)-matriks, A^+, wat die Penrose-voorwaardes [12,p.406] bevredig.

(i) $AA^+ A = A$

(ii) $A^+ AA^+ = A^+$

(iii) $(A^+ A)^* = A^+A$

(iv) $(A A^+)^* = A A^+$ waar $(A)^*$ die toegevoegde, getransponeerde van A voorstel.

Penrose [12] bewys dat bogenoemde vergelykings 'n unieke oplossing A^+ vir enige matriks A het.

<u>Stelling 2.2.1</u> Die Penrose-vergelykings het 'n unieke oplossing A^+ vir enige matriks A.

<u>Bewys</u>:

Ons moet bewys dat die vier vergelykings

$$AXA = A \tag{1}$$

$$XAX = X \tag{2}$$

$$(AX)^* = AX \tag{3}$$

$$(XA)^* = XA \tag{4}$$

'n unieke oplossing vir enige A het.

Die vergelykings (2) en (3) kan vervang word deur die vergelyking:

$$XX^*A^* = X \tag{5}$$

want (2) in (3) gesubstitueer gee (5) en (3) in (2) gesubstitueer gee ook (5).

Die vergelyking (1) en (4) kan vervang word deur die vergelyking

$$XAA^* = A^* \tag{6}$$

want (1) in (4) gesubstitueer gee (6) en (4) in (1) gesubstitueer gee (6) Ons moet dus 'n X vind wat (5) en (6) bevredig.

So 'n X bestaan indien 'n B gevind kan word sodanig dat

$$BA^*AA^* = A^* \tag{7}$$

As $X=BA^*$ word (6) bevredig. Deur XA uit (4) in (6) te stel volg dat:

$$A^*X^*A^* = A^*$$

$$BA^*X^*A^* = BA^*$$

Dus bevredig $X = BA^*$ ook (5).

Die uitdrukkings A^*A, $(A^*A)^2$, $(A^*A)^3$, ----- kan nie almal lineêr onafhanklik wees nie. Dus moet

$$\lambda_1 A^*A + \lambda_2 (A^*A)^2 + --- + \lambda_k (A^*A)^k = 0 \qquad (8)$$

waar alle $\lambda_1, ----, \lambda_k$ nie nul is nie.

Laat λ_r die eerste λ wees wat nie nul is nie en stel

$$B = -\lambda_r^{-1} \{\lambda_{r+1} I + \lambda_{r+2} A^*A + -- + \lambda_k (A^*A)^{k-r-1}\}.$$

Dus (8) word $B(A^*A)^{r+1} = (A^*A)^r$,

en deur herhaaldelike toepassing van die feit dat (i) $SQQ^* = RQQ^*$ impliseer dat $SQ = RQ$ (ii) $SQ^*Q = RQ^*Q$ impliseer dat $SQ^* = RQ^*$ volg

$$BA^*AA^* = A^*.$$

Dus bestaan daar 'n B wat (7) bevredig.

Laat nou X en Y twee verskillende oplossings wees, sodanig dat

X (5) en (6) bevredig d.w.s. $X = XX^*A^*$

en $A^* = XAA^*$,

en Y bevredig $Y = A^*Y^*Y$

$A^* = A^*AY$.

Dus is

$$X = XX^*A^* = XX^*A^*AY = XAY = XAA^*Y^*Y = A^*Y^*Y = Y.$$

Dus is X die unieke oplossing vir die vergelykings (1), (2), (3) en (4).

Hierdie unieke oplossing X word die pseudo-inverse van A genoem en geskryf as A^+. Die matriks A hoef nie noodwendig vierkantig te wees nie en kan selfs singulier wees.

Stelling 2.2.2 Definisies 2.2.1 en 2.2.2 is ekwivalent.

Bewys Veronderstel G is die pseudo-inverse van die (mxn)-matriks A volgens definisie 2.2.1.

Beskou die stelsel lineêre vergelykings $Ax=y$, en gestel die rang van A is p.

Laat $\hat{x}$ die vektor van die stelsel $\|Ax-y\|$ wees wat die minimum norm besit en laat $\hat{x} = Gy$ wees.

Vir minimum norm het ons

$$\|r\|^2 = \|Ax-y\|^2 = (Ax-y)^T(Ax-y).$$

Vir 'n minimum is

$$\frac{\partial}{\partial x_j}\|r\|^2 = 2e_j^T A^T A\hat{x} - 2e_j^T A^T y = 0 \qquad j=1,2,---,\ell$$

Dus $\quad A^T A\hat{x} = A^T y$,

d.w.s. $\quad \hat{x} = (A^T A)^{-1}A^T y = Gy$

waar $\quad G = (A^T A)^{-1}A^T$.

G bevredig die Penrose voorwaardes:

(1) $AGA = A(A^TA)^{-1}A^TA = A$

(2) $GAG = (A^TA)^{-1}A^TAG = G$

(3) $(GA)^T = A^TG^T = A^TA(A^TA)^{-1} = (A^TA)^{-1}A^TA = GA$

(4) $(AG)^T = \left[A(A^TA)^{-1}A^T\right]^T = A(A^TA)^{-1}A^T = AG$.

Dus is G die pseudo-inverse van A en dus uniek.

Definisie 2.2.1 impliseer dus definisie 2.2.2.

Veronderstel G is die pseudo-inverse van matriks A volgens definisie 2.2.2, d.w.s. G bevredig die Penrose voorwaardes.

(1) $AGA = A$

(2) $GAG = G$

(3) $(GA)^T = GA$

(4) $(AG)^T = AG$.

Ons het bewys dat die oplossing G van bogenoemde vergelykings uniek is en dit kan maklik aangetoon word dat $G=(A^TA)^{-1}A^T$ die voorwaardes bevredig. Dus is

$$G = (A^TA)^{-1}A^T$$

uniek.

Verder het ons reeds aangetoon dat die norm van die stelsel $y = Ax$ 'n minimum is, as $\hat{x} = (A^TA)^{-1}A^Ty$.

Definisie 2.2.2 impliseer dus definisie 2.2.1.

Albert en Sitler [14] toon dat die pseudo-inverse A^+ ook gedefinieer kan word as $A^+ = \lim_{\varepsilon \to 0} (A^T A + \varepsilon^2 I)^{-1} A^T$.

2.3 Householder-transformasie

Die doel van 'n Householder-transformasie is om met behulp van ortogonale matrikse, 'n simmetriese matriks A te transformeer na 'n simmetriese tridiagonale stelsel, d.i. 'n matriks met nie-nul elemente in die hoof- en die twee aangrensende diagonale terwyl alle ander elemente nul is.

$$A = \begin{bmatrix} a_{11} & a_{12} & 0 & \cdots & 0 \\ a_{12} & a_{22} & a_{23} & \ddots & \vdots \\ 0 & \ddots & \ddots & \ddots & 0 \\ \vdots & \ddots & \ddots & \ddots & a_{n-1,n} \\ 0 & \cdots & 0 & a_{n-1,n} & a_{nn} \end{bmatrix}$$

A is tridiagonaal en simmetries.

Vir so 'n stelsel is dit redelik maklik om die eiewaardes te bereken.

Deur bogenoemde transformasie word al die elemente van 'n ry en kolom, behalwe die tridiagonaalelemente gelyk aan nul gemaak.

Die verskillende stappe kan dus soos volg voorgestel word. Laat A 'n (4x4) matriks wees

$$\begin{bmatrix} \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \end{bmatrix} \xrightarrow{\text{stap } 1} \begin{bmatrix} \times & \times & 0 & 0 \\ \times & \times & \times & \times \\ 0 & \times & \times & \times \\ 0 & \times & \times & \times \end{bmatrix} \xrightarrow{\text{stap } 2} \begin{bmatrix} \times & \times & 0 & 0 \\ \times & \times & \times & 0 \\ 0 & \times & \times & \times \\ 0 & 0 & \times & \times \end{bmatrix}$$

As A egter nie simmetries is nie, sal 'n bo- of onderdriehoeksmatriks ontstaan wat soos volg voorgestel kan word.

$$\begin{bmatrix} \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \end{bmatrix} \xrightarrow{\text{stap } 1} \begin{bmatrix} \times & \times & 0 & 0 \\ \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \end{bmatrix} \xrightarrow{\text{stap } 2} \begin{bmatrix} \times & \times & 0 & 0 \\ \times & \times & \times & 0 \\ \times & \times & \times & \times \\ \times & \times & \times & \times \end{bmatrix}$$

Die vorm van die matriks wat so ontstaan, word die <u>Hessenberg</u>-vorm genoem.

<u>Metode</u>

Laat v 'n vektor wees sodat $v^Tv = 1$, dan is die matriks

$$P = I - 2vv^T \tag{2.3.1}$$

ortogonaal en simmetries, omdat

$$P^T = (I-2vv^T)^T = I - 2(vv^T)^T = I-2vv^T = P$$

en

$$PP^T = (I - 2vv^T)(I - 2vv^T)^T = (I-2vv^T)(I-2vv^T) =$$

$$I - 4vv^T+4vv^Tvv^T = I - 4vv^T+4vv^T = I.$$

Kies nou v sodanig dat die eerste $k-1$-komponente nul is, d.w.s.

$$v_k^T = \left(0, 0, --, v_k^{(k)}, v_k^{(k+1)}, --, v_k^{(n)}\right) \text{ dan is}$$

$$P_k = I - 2v_k v_k^T .$$

Stel $\quad A_k = P_k^T A_{k-1} P_k \qquad k = 2, ---, n-1$

en $\quad A_1 = A .$

Veronderstel die simmetriese matriks $A_{k-1} = (g_{ij})$ het behalwe vir die tridiagonaalelemente, nulle in die eerste k-2 rye en kolomme, dan kan ons A_{k-1} soos volg voorstel.

$$A_{k-1} = \left[\begin{array}{cccccccc}
g_{11} & g_{12} & 0 & \cdots & & & & 0 \\
g_{12} & g_{22} & g_{23} & \ddots & & & & \vdots \\
0 & g_{23} & \ddots & \ddots & \ddots & & & \vdots \\
\vdots & \ddots & \ddots & g_{k-2,k-2} & g_{k-2,k-1} & 0 & \cdots & 0 \\
\vdots & \text{(k-1)de ry} & \ddots & g_{k-2,k-1} & g_{k-1,k-1} & \cdots & \cdots & g_{k-1,n} \\
\vdots & & & 0 & \vdots & \ddots & & \vdots \\
0 & \cdots & \cdots & 0 & g_{k-1,n} & \cdots & \cdots & g_{n,n}
\end{array}\right]$$

$$= \left[\begin{array}{c|c}
A_{k-1}^{(1)} & A_{k-1}^{(2)} \\
\hline
A_{k-1}^{(3)} & A_{k-1}^{(4)}
\end{array}\right]$$

en $\qquad P_k$ is van die vorm

$$P_k = I - 2v_kv_k^T = \begin{array}{r} \\ \\ \\ \\ \\ \text{Kde ry} \\ \\ \\ \end{array} \begin{bmatrix} 1 & 0 & \cdots & 0 & 0 & \cdots & \cdots & 0 \\ 0 & \ddots & \ddots & \vdots & \vdots & & & \vdots \\ \vdots & \ddots & \ddots & 0 & \vdots & & & \vdots \\ \vdots & & \ddots & 1 & 0 & \cdots & \cdots & 0 \\ \vdots & & & \ddots & & & & \\ \vdots & & & 0 & 1-2\left[v_k^{(k)}\right]^2 & \cdots & \cdots & 2v_k^{(n)}v_k^{(k)} \\ \vdots & & & \vdots & \vdots & & & \vdots \\ 0 & \cdots & \cdots & 0 & -2\,v_k^{(n)}v_k^{(k)} & \cdots & \cdots & 1-2\left[v_k^{(n)}\right]^2 \end{bmatrix}$$

$$\left[\begin{array}{c|c} I & 0 \\ \hline 0 & \bar{P}_K \end{array}\right].$$

Die doel is nou om die (n-k+1) elemente van $v_k^{(k)}, \cdots, v_k^{(n)}$ te kies sodat $v^Tv = 1$ en sodat die (n-k) nie-tridiagonaalelemente in die (k-1)-de ry en kolom van A_k nul is.

Definieer nou $S = \sum_{j=k}^{n} g_{k-1,j}^2 = \sum_{j=k}^{n} g_{j,k-1}^2$ (simmetrie) (2.3.2)

en laat $\left[v_k^{(k)}\right]^2 = \frac{1}{2}\left[1 \pm g_{k-1,k} / \sqrt{S}\right]$ (2.3.3)

en $v_k^{(j)} = \pm g_{k-1,j} / (2v_k^{(k)}\sqrt{S})$ $j = k+1, --, n$ wees. (2.3.4)

Die teken in (2.3.3) word gekies sodat die waarde 'n maksimum is. Dieselfde teken word in (2.3.4) gebruik.

Ons moet nou aantoon dat (2.3.2), (2.3.3) en (2.3.4) die vergelyking (2.3.1) bevredig en dat A_k nulle in die gewenste posisies het.

Laat

$$P_k = \begin{bmatrix} I & 0 \\ 0 & \bar{P}_k \end{bmatrix}$$ waar I van orde (k-1) x (k-1) is

en

$$\bar{P}_k = I - 2\bar{v}_k\bar{v}_k^T,$$ van orde (n-k+1) x (n-k+1)

met

$$\bar{v}_k = (v_k^{(k)}, --, v_k^{(n)})^T$$

Dan is $A_k = P_k^T A_{k-1} P_k = P_k A_{k-1} P_k$

$$= \left[\begin{array}{c|c} A_{k-1}^{(1)} & A_{k-1}^{(2)} \bar{P}_k \\ \hline \bar{P}_k A_{k-1}^{(3)} & \bar{P}_k A_{k-1}^{(4)} \bar{P}_k \end{array}\right].$$

Die boonste linkerkant van A_k is dieselfde as die van A_{k-1} en dit is tridiagonaal.

Verder is: $\bar{P}_k A_{k-1}^{(3)} = A_{k-1}^{(3)} - \bar{v}_k \bar{v}_k^T A_{k-1}^{(3)}$

en

$$A_{(k-1)}^{(3)} = \begin{bmatrix} 0 & 0 \cdots\cdots 0 & g_{k,\,k-1} \\ 0 & 0 \cdots\cdots 0 & g_{k+1,\,k-1} \\ \vdots & \vdots \qquad \vdots & \vdots \\ 0 & 0 \cdots\cdots 0 & g_{n,k-1} \end{bmatrix}.$$

Omdat die eerste (k-2) kolomme van $A_{k-1}^{(3)}$ nul is, volg dit dat die eerste (k-2) kolomme van $\bar{P}_k A_{k-1}^{(3)}$ ook nul moet wees en omdat A_k simmetries is, volg dit dat die eerste (k-2) rye van $A_{k-1}^{(2)} \bar{P}_k$ ook nul moet wees.

Dus het A_k nulle op al die plekke waar A_{k-1} nulle het.

Verder is:

$$v^T v = \sum_{i=k}^{n} v_i^2 = \tfrac{1}{2}\left[1 \pm g_{k-1,k}/\sqrt{S}\right] +$$

$$\sum_{j=k+1}^{n} g_{k-1,j}^2 \,/\, 2\sqrt{S}\,(\sqrt{S} \pm g_{k-1,k})$$

$$= \frac{1}{2\sqrt{S}}\left[\sqrt{S} \pm g_{k-1,k} + \frac{1}{\sqrt{S} \pm g_{k-1,k}}\,(S - g_{k-1,k}^2)\right]$$

$$= \frac{1}{2\sqrt{S}}\left[\sqrt{S} \pm g_{k-1,k} + \sqrt{S} \mp g_{k-1,k}\right]$$

$= 1$ en voldoen dus aan (2.3.1)

Ons moet nou nog aantoon dat die (k-1)-de kolom van $\bar{P}_k A_{k-1}^{(3)}$, behalwe die eerste komponente, nul is. Laat u_k hierdie kolom wees, dan is

$$u_k = \bar{a}_k - 2\bar{v}_k \bar{v}_k^T \bar{a}_k \text{ waar } \bar{a}_k = (g_{k,k-1}, --, g_{n,k-1})^T$$

die (k-1)de kolom van $A_{k-1}^{(3)}$ is.

Beskou nou die i-de komponent van u_k

waar i = k+1, ---, n

$$u_k^{(i)} = \bar{a}_k^{(i)} - 2v_k^{(i)} \bar{v}_k^T \bar{a}_k = g_{i,k-1} \mp v_k^T \bar{a}_k \frac{g_{k-1,i}}{v_k^{(k)} S} .$$

Verder is:

$$\bar{v}_k^T \bar{a}_k = v_k^{(k)} g_{k,k-1} \pm \frac{1}{2v_k^{(k)}\sqrt{S}} \sum_{j=k+1}^{n} g_{j,k-1}^2$$

$$= v_k^{(k)} \sqrt{S} \left[\frac{g_{k,k-1}}{\sqrt{S}} \pm \tfrac{1}{2} \frac{1}{(v_k^{(k)})^2 S} (S - g_{k,k-1}^2) \right]$$

$$= v_k^{(k)} \frac{\sqrt{S}}{\sqrt{S}} \left[g_{k,k-1} \pm \frac{(\sqrt{S}+g_{k,k-1})(\sqrt{S}-g_{k,k-1})}{(\sqrt{S} \pm g_{k,k-1})} \right]$$

$$= \pm v_k^{(k)} \sqrt{S}.$$

Dus is $u_k^{(i)} = g_{i,k-1} \mp (\pm g_{k-1,i}) = 0$ omdat

$$g_{i,k-1} = g_{k-1,i} \text{ (simmetrie).}$$

Dit volg dus dat A_k nulle het in die gewenste posisies.

In Franklin [15,p. 252] word 'n rekursieformule afgelei, om die karakteristieke polinoom van die Householder- en Hessenberg-matriks te verkry.

Laat H die Hessenberg-matriks wees met komponente $\{(h_{ij}), i,j = 1, --, n\}$ dan is die rekursieformule vir die karakteristieke polinoom

$$\phi_n(\lambda) = |H_n-\lambda I| = (h_{nn}-\lambda)\ \phi_{n-1}(\lambda) +$$

$$\sum_{r=1}^{n-1} (-1)^{n-r}\ h_{nr}\ \ h_{r,\ r+1}\ h_{r+1,r+2} \cdots h_{n-1,n}\ \phi_{r-1}(\lambda) \text{ vir } n\geq 2$$

$$\text{met } \phi_o(\lambda) = 1 \text{ en } \phi_1(\lambda) = h_{11}-\lambda\ . \qquad (2.3.5)$$

Bostaande formule vereenvoudig vir die Householder-matriks na

$$\phi_n(\lambda) = |H_n-\lambda I| = (h_{nn}-\lambda)\ \phi_{n-1}(\lambda)-h_{n,n-1}h_{n-1,r}\ \phi_{n-1}(\lambda)$$

$$\text{vir } n\geq 2 \text{ en met } \phi_o(\lambda) = 1 \text{ en } \phi_1(\lambda) = h_{11}-\lambda. \qquad (2.3.6)$$

2.3.1 Die Householder-matriks

Stelling 2.3.1.1

Laat v 'n vektor met m nie-nul elemente wees d.w.s. $v^T=(v_1, \cdots, v_m)$, dan bestaan daar 'n ortogonale matriks Q sodat

$$Qv = -\sigma\ ||v||\ e_1 \text{ met } e_1^T = (1,\ 0,\ \cdots,0)$$

en

$$\sigma = \begin{cases} +\ 1 \text{ as } v_1 \geq 0 \\ -\ 1 \text{ as } v_1 < 0\ . \end{cases}$$

Bewys: Definieer $u = v + \sigma\ ||v||\ e_1$

en

$$Q = I_m - \frac{2uu^T}{u^Tu}.$$

Dan is Q simmetries en ortogonaal

en

$$Qv = -\sigma||v||\ e_1$$

want

$$Q^TQv = -\sigma||v||\ Q^Te_1 = -\sigma||v|| \left[\left(I- \frac{2uu^T}{u^Tu}\right)e_1\right]$$

$$= -\sigma\ ||v||\ e_1 + 2\ ||v||\ \sigma\ \frac{uu^T}{u^Tu}\ e_1.$$

Dus $$v = -\sigma \|v\| e_1 + \frac{(v+\sigma\|v\|e_1)(v+\sigma\|v\|e_1)^T e_1}{v_1 + \sigma\|v\|}$$

$$= -\sigma \|v\| e_1 + \frac{(v+\sigma\|v\| e_1)(v_1+\sigma\|v\|)}{v_1 + \sigma\|v\|} .$$

Q word die Householder-transformasiematriks genoem.

2.4 Matriksontbinding

2.4.1 Die QR-ontbinding

Laat A 'n reële (mxn)-matriks wees

met $\ell = \min(m,n)$

$$k = \begin{cases} n, & m>n \\ m-1, & \text{andersins.} \end{cases}$$

A kan ontbind word in 'n produk $A=Q^TR$ waar

(i) Q 'n (mxm) ortogonale simmetriese matriks en

(ii) R 'n (mxn) bo-diagonaalmatriks is.

Q is 'n produk van k elementêre, simmetriese ortogonale Householder-matrikse.

D.w.s. $Q = Q_k Q_{k-1} --- Q_1$

waar
$$Q_i = I-2v_iv_i^T \text{ en } v_i^Tv_i = 1 \qquad (2.4.1)$$

Q_i transformeer die elemente van A_{i-1} in die i-de kolom onder die hoofdiagonaal na nulle, sonder om die nulle in die kolomme 1, 2, ---, i-1 te verander.

Dan is $A_{i-1} = Q_{i-1}\, Q_{i-2} \text{---}\, Q_1\, A$

en $A_i = Q_i\, A_{i-1}$

waar $A_o = A$ (2.4.2)

$K_j(A_i) = Q_i K_j(A_{i-1})$ waar $K_j(A_i)$ die j-de kolom van A_i is

d.w.s. $K_j(A_i) = K_j(A_{i-1}) - 2v_i v_i^T\, K_j(A_{i-1})$ $j=1,\ 2,\ \text{--},n.$ (2.4.3)

Om die eerste (i-1) kolomme onveranderd te laat, is dit voldoende om die eerste (i-1) elemente van v_i gelyk aan nul te stel, sodat

$$v_i^T K_j(A_{i-1}) = 0, \quad j=1,\ 2,\ \text{--},i-1.$$

Dit beteken ook dat die eerste (i-1) rye van A_{i-1} onveranderd bly.

Beskou Q_1

Uit (2.4.2) is $K_1(A_1) = Q_1 K_1(A)$, stel verder $Q_1 K_1(A) = \lambda e_1$

waar

$$e_1^T = (1,0,\ \text{--},0) \quad \text{en } \lambda \text{ 'n konstante is.}$$

d.w.s. $\lambda^2 e_1^T e_1 = \lambda^2 = K_1(A)^T Q_1^T Q_1 K_1(A) = K_1(A)^T K_1(A)$

$$= \sum_{i=1}^{m} a_{i1}^2$$

Stel $c = 2v_1^T K_1(A)$ dus $cv_1 = 2v_1 v_1^T K_1(A)$ dan volg uit (2.4.3) dat

$Q_1 K_1(A) = K_1(A) - 2v_1 v_1^T K_1(A) = K_1(A) - cv_1$

Dus, $cv_1 = K_1(A) - \lambda e_1$

Dui die komponente van v_1 aan met $v_1(i)$, $i=1,2$ --,m en $v_1(1) = (a_{11}-\lambda)/c$

$v_1(i) = a_{i1}/c$ $i=2,3,\ \text{--},\ m$

(2.4.4)

Dan is volgens (2.4.1), $v_1^T v_1 = 1$,

d.w.s. $\sum_{i=1}^{m} v_1^2(i)=1$.

Dus, $v_1^2(1) + \sum_{i=2}^{m} v_1^2(i) = 1$

Dan is volgens (2.4.4)

$$\frac{(a_{11}-\lambda)^2}{c^2} + \frac{1}{c^2} \sum_{i=2}^{m} a_{i1}^2 = 1$$

$$a_{11}^2 + \lambda^2 - 2a_{11}\lambda + \sum_{i=2}^{m} a_{i1}^2 = c^2$$

$$2\lambda^2 - 2a_{11}\,\lambda = c^2$$

$$c = \sqrt{2\lambda\ (\lambda-a_{11})}$$

Deur die teken van λ te kies as die teenoorgestelde van die teken van a_{11}, word voorkom dat c nul word . Sodoende kan v asook Q uniek gedefinieer word.

Die ander transformasies Q_i, i=2,3, --,k word op dieselfde manier verkry, deur gebruik te maak van die submatriks van A_{i-1}, gevorm deur die eerste (i-1) rye en kolomme weg te laat.

Net soos die kolomelemente deur 'n QR-ontbinding nul gemaak kan word, kan die ry-elemente deur 'n RQ-ontbinding nul gemaak word.

2.4.2 Die VDU-ontbinding

Stelling 2.4.2.1

Elke reële (mxn)-matriks A kan as 'n produk $A = VDU^T$ ontbind word waar

(i) V 'n ortogonale (mxm) matriks,

(ii) D 'n diagonale (mxn) matriks en

(iii) U 'n ortogonale (nxn) matriks is.

Bewys:

Laat $A^{(1)}$ die matriks wees wat verkry word deur A links met 'n Householder-matriks te vermenigvuldig. Dan is $a_{11}^{(1)}$ die enigste nie-nulelement in die eerste kolom van $A^{(1)}$ en

$$\left|a_{11}^{(1)}\right| = \left[\sum_{i=1}^{m} (a_{i1})^2\right]^{\frac{1}{2}} \geq |a_{11}| . \tag{1}$$

Laat verder $A^{(2)}$ die matriks wees wat verkry word deur $A^{(1)}$ links met 'n Householder-matriks te vermenigvuldig. Dan is $a_{11}^{(2)}$ die enigste nie-nulelement in die eerste ry van $A^{(2)}$ en

$$\left|a_{11}^{(2)}\right| = \left[\sum_{j=1}^{n} (a_{1j}^{(1)})^2\right]^{\frac{1}{2}} \geq \left|a_{11}^{(1)}\right| . \tag{2}$$

Hierdie proses kan herhaal word, deur alternatiewelik die nie-diagonaalelemente van die eerste kolom en eerste ry na nulle te reduseer uit (1) en (2), volg dat die waarde van $\left|a_{11}^{(K)}\right|$ steeds groter word, maar omdat die norm van 'n ortogonale transformasie konstant bly, is $\left|a_{11}^{(K)}\right|$ begrens, want

$$\left|a_{11}^{(K)}\right| \leq \left[\sum_{i,j} (a_{ij}^{(K)})^2\right]^{\frac{1}{2}} = \left[\sum_{i,j} (a_{ij})^2\right]^{\frac{1}{2}} = \|A\|_E . \tag{3}$$

Dus konvergeer $|a_{11}^{(K)}|$ na 'n bepaalde limiet. Stel die limiet is d_1, waar

$$|d_1| \leq ||A||_E \text{ en } \lim_{K\to\infty} a_{i1}^{(K)} = 0 \text{ en } \lim_{K\to\infty} a_{1j}^{(K)} = 0$$

$$i=2, --, m, j=2, ---, n.$$

Die Householder-transformasies met $v(j)=0$, $j=1,2, ---, i-1$ laat die eerste $(i-1)$ rye en kolomme van die matriks onveranderd. Deur die bogenoemde proses op al die rye en kolomme toe te pas, kan ons 'n matriks D, met d_i as diagonaalelemente ontwikkel.

Dus kan die (mxn)-matriks A as 'n produk ontbind word, d.w.s. $A=VDU^T$, waar V die produk van ortogonale matrikse is, wat die kolom-elemente reduseer en U^T die produk van ortogonale matrikse wat die ry-elemente reduseer. Die diagonaalelemente d_i, van die matriks D kan gekies word sodat $d_i \geq 0$, $i=1,2 ---, \ell$ met $\ell = \min(m,n)$ en

$$d_1 \geq d_2 \geq d_3 --- \geq d_r > d_{r+1} = --- = d_\ell = 0, \quad r \leq \ell \text{ waar } r$$

die rang van A.

Omdat die Euklidiese norm deur ortogonale transformasies onveranderd gelaat word, is

$$||A||_E = ||D||_E = \left[\sum_{i=1}^{\ell} d_i^2 \right]^{\frac{1}{2}}.$$

Vir die minimering van $||A-B||$ is dit volgens Eckart & Young [16] die voordeligste dat vir 'n mxn-matriks $B = VD_TU^T$ van rang s, $s \leq r$, die diagonaalelemente van D_T gegee word deur

$$D_{T_{ii}} = d_i, \; 1 \leq i \leq s$$
$$= 0 \;, \; s < i < \ell \;.$$

Die beste benadering vir die matriks D, is dus die matriks D_T van rang s omdat

$$\|A - B\|_E = \|D - D_T\|_E.$$

2.5 Die Pseudo-Inverse van die VDU matriks

Vir die diagonaalmatriks D met elemente

$$D_{ii} = d_i \quad \forall i = 1, \text{--}$$

$$D_{ij} = 0 \quad \forall i \neq j,$$

volg uit die Penrose-voorwaardes dat

$$D^+_{ii} = d^+_i = 1/d_i, \; d_i \neq 0$$
$$= 0 \qquad d_i = 0$$

en $$D^+_{ij} = 0 \; \forall i \neq j \;.$$

Vir $A = VDU^T$ sal die matriks $A^+ = UD^+V^T$ die Penrosevoorwaardes bevredig.

(i) $AA^+A = VDU^TUD^+V^TVDU^T = VDD^+DU^T = VDU^T = A$

(ii) $A^+AA^+ = UD^+V^TVDU^TUD^+V^T = UD^+DD^+V^T = UD^+V^T = A^+$

(iii) $(AA^+)^T = (VDU^TUD^+V^T)^T = (VDU^T)(UD^+V^T) = AA^+$

(iv) $(A^+A)^T = (UD^+V^TVDU^T) = A^+A$

Aangesien die inverse vir die Penrosevoorwaardes uniek is sal die pseudo-inverse van VDU^T gelyk aan UD^+V^T wees.

Die pseudo-inverse A^+ van A kan dus maklik bereken word as die VDU-ontbinding van A bekend is.

3. FUNKSIEBENADERING DEUR KLEINSTEKWADRATE-TEGNIEKE

In die numeriese wiskunde moet ons dikwels die koëffisiënte van 'n lineêre, 'n nie-lineêre of 'n gesamentlike lineêre en nie-lineêre funksie bepaal uit 'n stel empiries bekende punte. Die funksie moet so bepaal word dat die som van die kwadrate van die verskille tussen die gepaste funksiewaardes en die ooreenstemmende bekende empiriese waardes 'n minimum is.

Ons beskou eerste die lineêre funksie:

3.1 Die Lineêre Passing

3.1.1 Die normaalvergelykings

Met 'n lineêre funksie bedoel ons 'n funksie waarin die koëffisiënte a_i, $i=1,2, --, n$ slegs in die eerste graad voorkom.

Laat f 'n funksie met funksiewaarde f_i in die ry punte $\{x_i\}$, $i=1, --, m$ wees en laat die ooreenstemmende eksperimentele waargenome funksiewaardes y_i wees.

Die verskil tussen bogenoemde waardes word aangedui deur $E_i=f_i-y_i$.

Laat $\{\phi_j\}$, $j=1, -----, n$ 'n funksie wees wat gedefinieer is vir elke x_i. Ons moet dan y_i benader deur 'n lineêre kombinasie van die $\{\phi_j(x)\}$,

d.i. $$f_i = \sum_{j=1}^{n} a_j\phi_j(x), \quad i=1,2, --, m$$

Die a_j's moet so bepaal word dat

$$H(a_1, --, a_n) \equiv \sum_{i=1}^{m} w(x_i) \left[y_i - \sum_{j=1}^{n} a_j \phi_j (x_i) \right]^2$$

$$= \sum_{i=1}^{m} w(x_i) R_i^2 \text{ met } R_i = y_i - \sum_{j=1}^{n} a_j \phi_j (x_i)$$

'n minimum is.

Die funksie w waar $w(x_i) \geq 0$, $i = 1, 2, ---, m$ word die beswaringsfunksie en R_i die residu by x_i genoem.

Vir $w_i = 1$, $i = 1, 2, ---, m$ het ons dus

$$H(a_1, ---, a_n) = \sum_{i=1}^{m} \left[y_i - \sum_{j=1}^{n} a_j \phi_j (x_i) \right]^2 = \sum_{i=1}^{m} R_i^2$$

Vir $\phi_j(x) = x^{j-1}$ sal die gepaste funksie byvoorbeeld 'n polinoom van graad (n-1) wees.

Bostaande formule geskryf in matriksnotasie is:

$$||y - Fa||^2 = ||r||^2 \quad \text{waar } a = \{a_i\},\ i=1, ---,n$$

d.i.

$$||r||^2 = (y-Fa)^T (y-Fa)$$

Vir 'n minimum is

$$\frac{\partial}{\partial a_j} ||r||^2 = 2e_j^T F^T Fa - 2e_j^T F^T y = 0, \ j=1, ---, n$$

D.w.s. $F^T Fa = F^T y$

of

$$a = (F^T F)^{-1} F^T y. \qquad (3.1.1)$$

Hierdie vergelykings staan bekend as die normaalvergelykings.

Om die koëffisiënte a_i, $i=1,2, ---, n$ te verkry moet ons dus die inverse van (F^TF) bereken. Ralston [3] bespreek verskillende metodes om die inverse regstreeks of iteratief te bereken.

Omdat $Fa=0$ as en slegs as $a=0$, is die matriks F_TF positief definiet en nie-singulier, sien Ralson [3,p.135].

Fourie [5] bewys dat as $\phi_j(x)$ benader word deur 'n veelterm die koëffisiëntematriks getransformeer na die interval $[0,1]$, 'n Hilbert-matriks van orde $(m+1)$ is. Om die inversevan dié matriks te bereken, lewer probleme want die matriks is byna singulier omdat die rye van die matriks byna lineêr afhanklik is. In baie gevalle is die metode om die normaalvergelykings op te los, onstabiel veral as m taamlik groot word en dus sal ander metodes gesoek moet word.

3.1.2 Oplossing van die kleinstekwadrate-probleem m.b.v. die pseudo-inverse

Laat in die kleinstekwadrate-probleem die residue gegee word deur r_i, $i=1, --, m$ en laat die bekende eksperimentele data gegee word deur die matriks $X = (\{x_{ij}\}, i=1,2, --, m; j=1,2, --, k)$. Die lineêre funksie kan geskryf word as $F(X,a)$ waar $a=a_i$, $i=1, 2, ---, n$ is. Die a_i's moet sodanig bepaal word dat die residue 'n minimum is. Gestel $F_i(X,a) = a_1x_{i,1}^2 + a_2x_{i,1}x_{i,2} + --+a_nx_{i,n}^2$, $i=1,2, --, m$ en laat:

$$F_{i,1} = x_{i,1}^2$$

$$F_{i,2} = x_{i,1}\, x_{i,2}$$

$$\vdots$$

$$F_{i,n} = x_{i,n}^2, \quad i=1, --, m$$

Laat y_i, i=1, --,m die eksperimentele bekende waardes van die afhanklike veranderlike wees, dan kan die residue geskryf word as:

$$r_i = y_i - \sum_{j=1}^{n} F_{i,j}(a_j), i=1, \text{--}, m$$

In matriksnotasie y + Fa = r.

Die vektor met minimum norm wat $||r||$ minimeer word gegee deur

$$a \doteq F^{+}y$$

Die probleem reduseer dus na die bepaling van die pseudo-inverse van F. Een metode om die pseudo-inverse te bepaal is, deur gebruik te maak van die VDU-ontbinding (die sogenaamde pseudo-inverse metode van paragraaf 2.5). Ander metodes wat gebruik kan word is die gedempte kleinstekwadraat-metode en die dubbele verslappingsmetode.

3.1.3 Die direkte-oplossingsmetode

Uit § 2.4.2 volg dit dat $F=VDU^T$ waar V 'n (mxm) ortogonale matriks, D 'n (mxn) diagonale matriks en U^T 'n (nxn) ortogonale matriks is. Dan is $F^{+}= UD^{+}V^T$ volgens § 2.5.

D.w.s. $a = UD^{+}V^{T}y$.

$$\begin{bmatrix} u_{11} & u_{12} & \cdots & u_{1n} \\ u_{21} & u_{22} & \cdots & u_{2n} \\ \vdots & \vdots & \ddots & \vdots \\ u_{n1} & u_{n2} & \cdots & u_{nn} \end{bmatrix} \begin{bmatrix} d_1^+ & 0 & \cdots & & & 0 \\ 0 & d_2^+ & & & & \vdots \\ \vdots & & \ddots & & & \vdots \\ 0 & \cdots & 0 & d_n^+ & 0 \cdots & 0 \end{bmatrix} \begin{bmatrix} v_{11} & v_{21} & \cdots & v_{m1} \\ v_{12} & v_{22} & \cdots & v_{m2} \\ \vdots & & \ddots & \vdots \\ v_{1m} & \cdots & & v_{mm} \end{bmatrix} \begin{bmatrix} y_1 \\ y_2 \\ \vdots \\ y_m \end{bmatrix}$$

$$\begin{bmatrix} \frac{u_{11}}{d_1} & \frac{u_{12}}{d_2} & \cdots & \frac{u_{1n}}{d_n} \\ \frac{u_{21}}{d_1} & \frac{u_{22}}{d_2} & & \frac{u_{2n}}{d_n} \\ \vdots & & \ddots & \vdots \\ \frac{u_{n1}}{d_1} & \frac{u_{22}}{d_2} & \cdots & \frac{u_{nn}}{d_n} \end{bmatrix} \begin{bmatrix} v_{11}\ y_1 + v_{21}\ y_2 + \cdots + v_{m1}\ y_m \\ v_{12}\ y_1 + v_{22}\ y_2 + \cdots + v_{m2}\ y_m \\ \\ \\ v_{1m}\ y_1 + v_{2m}\ y_2 + \cdots + v_{mm}\ y_m \end{bmatrix}$$

Stel $K_i(V) = v_i$ en $K_i(U) = u_i$ met $K_i(V)$ en $K_i(U)$ respektiewelik die i-de kolom van V en U. Die algemene oplossing is dan

$$a = \sum_{d_i > o} (y,\ v_i)\ u_i/d_i$$

waar (y,v_i) die binneproduk van y en v_i is.

3.1.4 Die gedempte kleinstekwadrate-oplossing

Hier word die kleinstekwadraat-probleem voorgestel deur:

$$\begin{bmatrix} F \\ B \end{bmatrix} a - \begin{bmatrix} y \\ 0 \end{bmatrix} = \begin{bmatrix} r^{(1)} \\ r^{(2)} \end{bmatrix}$$

dit is: $\left[F^TF + B^TB\right] a = F^Ty$ (uit § 3.1.1) (3.1.2)

Ons beskou die volgende twee gevalle:

(a) $B^TB = \varepsilon^2 I$ die gedempte kleinstekwadraat-metode

(b) $B^TB = \varepsilon^2 I + \varepsilon^2(F^TF + \varepsilon^2 I)^{-1}$ Die dubbele verslappings-metode.

Beskou eerstens $B^TB = \varepsilon^2 I$ dan word (3.1.1)

$\left[F^TF + \varepsilon^2 I\right] a = F^Ty$ deur F te ontbind kry ons

$$\left[(VDU^T)^T VDU^T + \varepsilon^2 I\right] a = (VDU^T)^T y$$

$$\left[UDV^TVDU^T + \varepsilon^2 I\right] a = (UDV^T) y$$

$$\left[UD^2U^T + \varepsilon^2 I\right] a = UDV^T y$$

D.w.s. $a = \sum_{d_i > 0} (y, v_i) \dfrac{d_i}{d_i^2 + \varepsilon^2} u_i$ (sien § 3.1.3). (3.1.3)

Maar $\lim_{\varepsilon \to 0} \dfrac{d_i}{d_i^2 + \varepsilon^2} = \dfrac{1}{d_i} = d_i^+$

Dus $F^+ = \lim_{\varepsilon \to 0} (F^TF + \varepsilon^2 I)^{-1} F^T$

3.1.5 Die dubbele verslappingsmetode

In die geval van die dubbele verslappingsmetode is

$$B^TB = \varepsilon^2 I + \varepsilon^2 (F^TF + \varepsilon^2 I)^{-1}$$

Dus word (3.1.1)

$$\left[(FF^T + \varepsilon^2 I) + \varepsilon^2 (F^TF + \varepsilon^2)^{-1} \right] a = F^T y$$

dus $\quad a = \sum_{i=1}^{n} (y, v_i) \dfrac{d_i}{d_i^2 + \varepsilon^2 + \dfrac{\varepsilon^2}{d_i^2 + \varepsilon^2}} u_i \qquad$ (Sien § 3.1.3)

en F^+ kan dus ook gedefinieer word deur

$$F^+ = \lim_{\varepsilon \to 0} \left[(F^TF + \varepsilon^2 I) + \varepsilon^2 (F^TF + \varepsilon^2 I)^{-1} \right]^{-1} F^T$$

3.2 Die Nie-lineêre Passing

'n Nie-lineêre passing is 'n funksie waarin sommige van die koëffisiënte a_i met funksies vermenigvuldig word wat op hulle beurt van die koëffisiënte afhanklik is.

Beskou byvoorbeeld 'n matriks X met eksperimentele data soos gegee in § 3.1.2 en gestel die passingsfunksie word gedefinieer deur

$$F_i(X,a) = a_1 x_{i,1}^2 + a_2 e^{a_3 x_{i,2} + a_4 x_{i,5}}, i = 1, --, m. \qquad (3.2.1)$$

Die funksie gedefinieer deur

$e^{a_3 x_{i,2} + a_4 x_{i,5}}$ waarmee a_2 vermenigvuldig word, is afhanklik van a_3 en a_4. $F_i(X,a)$ is dus 'n nie-lineêre passing.

Gestel $f_i = F_i(X,a) - y_i$, $i = 1,2, ---, m$, waar y_i die afhanklike veranderlike voorstel. Ons moet dus $\sum_{i=1}^{m} f_i^2$ minimeer.

In Bellman [7,p.65] word die volgende metodes vir die minimering van kleinstekwadrate-probleme bespreek.

(a) Die metode van Newton

(b) Die Gauss-Newton-metode

(c) Die Gauss-Newton-Marquardt-metode

Laasgenoemde metode is 'n verbetering van die eersgenoemde twee metodes.

3.2.1 Die Gauss-Newton-Marquardt-metode

In 'n nie-lineêre kleinstekwadrateprobleem word 'n lineêre stelsel met elke stap opgelos. Dit beteken dat die nie-lineêre probleem omskep word in 'n iteratiewe lineêre kleinstekwadrate-probleem.

Beskou die volgende stelsel nie-lineêre vergelykings wat opgelos moet word:

$$f_i = f_i(a) = F_i(X,a) - y_i, \; i = 1,2, ---, m.$$

Deur die funksie f(a) in 'n Taylor-reeks te ontwikkel vir a^i, die a-vektor in die i-te iterasie, kry ons

$$f(a^i + h^i) = f(a^i) + A^i h^i + 0(h^2)$$

waar h^i die h-vektor en A^i die matriks van parsiële afgeleides in die i-te iterasie is, wat gedefinieer word deur:

$$A^i_{st} = \frac{df_s}{da_t}(a^i), \quad s=1, ---, m, \quad t=1, ---, n.$$

As ons tweede en hoër orde terme in h weglaat, reduseer die stelsel nie-lineêre vergelykings na 'n stelsel van lineêre vergelykings nl.

$$\begin{bmatrix} f^i \\ 0 \end{bmatrix} + \begin{bmatrix} A^i \\ B^i \end{bmatrix} h^i = \begin{bmatrix} r_1{}^i \\ r_2{}^i \end{bmatrix} \qquad (3.2.2)$$

Die h-vektor kan uit (3.2.2) m.b.v. die volgende algoritme bereken word:

(i) Los vir h uit (3.2.2) op

(ii) Bepaal 'n staplengte deur γ so te kies dat

$$\|f(a^i) + \gamma h^i\| < \|f(a^i)\|$$

(iii) Stel $a^{i+1} = a^i + \gamma h^i$ en toets vir konvergensie.

As $B^i = 0$ reduseer die algoritme na dié van Gauss-Newton.

In Lootsma [2,p.178] vind ons die volgende konvergensie-stelling

As B^i so gekies word dat $\delta^i \geq \delta > 0$, dan konvergeer die ry $\{\|f^i\|\}$ en die limietpunte van die ry $\{x^i\}$ is stasionêre punte van $\|f\|$.

<u>Bewys</u>

Om die konvergensie van die algoritme in § 3.2.1 te bewys, maak ons die volgende aannames:

(i) Die dempingsfaktor γ, $0 \leq \gamma \leq 1$, is so gekies dat $\|f(x^i + h^i)\|$ 'n minimum is.

(ii) Die iterasie is begrens in 'n gebied R.

(iii) Die funksie word gedefinieer as

$$f(x+\gamma h) = f(x) + \gamma \nabla f h + \gamma^2 \|h\|^2 w(x,\gamma,h) \tag{3.2.3}$$

waar $\|w\| \leq W$ vir punte in R.

Deur $\nabla f h$ uit vergelyking (3.2.2) in (3.2.3) te vervang, kry ons

$$f(x^i+\gamma h^i) = f^i + \gamma(r_1^{\ i} - f^i) + \gamma^2 \|h^i\|^2 w^i(\gamma).$$

Deur gebruik te maak van die driehoeksongelykheid kry ons

$$\|f(x^i+\gamma h^i)\| \leq (1-\gamma)\|f^i\| + \gamma\|r_1^{\ i}\| + \gamma^2\|h^i\|^2 W = Q^i(\gamma) \tag{3.2.4}$$

D.w.s. $\|f(x^i+\gamma h^i)\| \leq \min\limits_{0 \leq \gamma \leq 1} Q^i(\gamma)$

As $Q^i(\gamma)$ 'n minimum waarde het vir $\gamma<1$ dan moet $\frac{dQ^i}{d\gamma}$ nul wees in die minimum punt

Dus
$$\frac{dQ^i}{d\gamma} = -(\|f^i\| - \|r_1^{\ i}\|) + 2\gamma\|h^i\|^2 W$$
$$= 0.$$

d.w.s.
$$\gamma = \frac{\|f^i\| - \|r_1^{\ i}\|}{2\|h^i\|^2 W}. \tag{3.2.5}$$

Stel (3.2.4) in (3.2.3). Dan is

$$Q^i(\gamma) = \|f^i\| - \frac{\frac{1}{2}(\|f^i\| - \|r_1^{\ i}\|)^2}{2\|h^i\|^2 W} = \|f^i\| - \frac{\gamma}{2}(\|f^i\| - \|r_1^{\ i}\|). \tag{3.2.6}$$

As $\gamma = 1$ die minimumpunt is, dan is

$$\frac{\|f^i\| - \|r_1{}^i\|}{2\|h^i\|^2{}_W} \geq 1$$

en

$$Q^i(1) = \|r_1{}^i\| + \|h^i\|^2{}_W \leq \|f^i\| - \tfrac{1}{2}(\|f^i\| - \|r_1{}^i\|) \tag{3.2.7}$$

Laat $(\gamma_1^i)^* = \min\left(1, \dfrac{\|f^i\| - \|r_1{}^i\|}{2\|h^i\|^2{}_W}\right)$

dan volg uit (3.2.4) en (3.2.6) dat

$$\|f^{i+1}\| \leq \|f^i\| - \frac{(\gamma_1^i)^*}{2}(\|f^i\| - \|r_1{}^i\|).$$

Verder weet ons dat as $A^TA + B^TB = M$ en $\min\limits_{t,\|t\|=1}(t^TMt) = \delta^2$

dan is $\|h\| \leq \frac{1}{\delta}\{\|f\|^2 - \|r\|^2\}^{\frac{1}{2}}$ ([2] p.177 lemma 3).

Dus is

$$(\gamma_1^i)^* \geq \min\left(1, \frac{(\delta_1^i)^2}{2W}\frac{1}{(\|f^i\| + \|r_1{}^i\|)}\right) \geq \min\left(1, \frac{(\delta_1^i)^2}{2W}\frac{1}{2\|f^i\|}\right).$$

Dus, $(\gamma_1^i)^* \geq \min\left(1, \dfrac{(\delta_1^i)^2}{4W\|f^i\|}\right) = \mu > 0$

Die ry $\{\|f^i\|\}$ is dus dalend en begrens na onder. Dus is die ry konvergent.

Verder weet ons ook dat die voorwaardes

(i) $\begin{bmatrix} f^i \\ 0 \end{bmatrix} = r^i$

(ii) $\|f^i\| = \|r^i\|$ en

(iii) r^i 'n stasionêre punt van $\|f(x)\|$ is, ekwivalent is ([2] p.176 lemma 1).

Dus, omdat

$$\|f^i\| - \|r^i\| \leq \|f^i\| - \|r_1^i\| \leq \frac{2}{\mu}(\|f^i\| - \|f^{i+1}\|),$$

is die limietpunte van die ry $\{x^i\}$ stasionêre punte van $\|f\|$.

3.3 Die Saamgestelde Funksie

Die funksie wat in (3.2.1) gedefinieer is deur $F_i(X,a) = a_1x_{i,1}^2 + a_2e^{a_3x_{i,2} + a_4x_{i,5}}$, $i=1,2,$ ---, m bestaan uit 'n lineêre gedeelte $F_i^{(1)}(X,a) = a_1x_{i,1}^2$, en 'n nie-lineêre gedeelte

$$F_i^{(2)}(X,a) = a_2e^{a_3x_{i,2} + a_4x_{i,5}}$$

In die algemeen is die passingsfunksies saamgestelde funksies So 'n funksie kan dus geskryf word as $F_i(x,a) = F_i^{(1)}(X,a) + F_i^{(2)}(X,a)$ waar $F_i^{(1)}(X,a)$ die lineêre gedeelte en $F_i^{(2)}(X,a)$ die nie-lineêre gedeelte is.

Omdat die parsiële afgeleides van die lineêre gedeelte gedurende die iteratiewe proses konstant bly, word hulle slegs eenmaal bereken en gestoor in 'n matriks $A^{(k)}$. Die parsiële afgeleides van die nie-lineêre gedeelte verander by elke iterasie, en hulle word gestoor in die matriks $A^{(v)}$, sodat $A^{(i)}$ voorgestel kan word deur:

$$A^{(i)} = \left[A^{(v)} \; A^{(k)}\right]$$

Ons moet nou die volgende lineêre kleinstekwadrate-probleem oplos:

$$\begin{bmatrix} f_i \\ 0 \end{bmatrix} + \begin{bmatrix} A^{(v)} \\ B^{(v)} \end{bmatrix} h^{(v)} + \begin{bmatrix} A^{(k)} \\ B^{(k)} \end{bmatrix} h^{(k)} = \begin{bmatrix} r_1^{(i)} \\ r_2^{(i)} \end{bmatrix} = r^{(i)}$$

$$\begin{bmatrix} f_i \\ 0 \end{bmatrix} + \begin{bmatrix} A^{(v)} & A^{(k)} \\ B^{(i)} & \end{bmatrix} h^{(i)} = \begin{bmatrix} r_1^{(i)} \\ r_2^{(i)} \end{bmatrix} = r^{(i)}$$

waar $B^{(i)} = \left[B^{(v)}, B^{(k)}\right]$ en $h^{(i)} = \begin{bmatrix} h^{(v)} \\ h^{(k)} \end{bmatrix}$

Hieruit kan die h-vektor bereken en die algoritme is dieselfde as in § 3.2.1.

3.4 Beperkings op die Koëffisiënte

In die praktyk lê die koëffisiënte a_j gewoonlik tussen bepaalde grense sê $g_{1,j} \leq a_j \leq g_{2,j}$. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die nie-lineêre gedeelte van die funksie (3.2.1) nl. die term $e^{(a_3x_{i,1} + a_4x_{i,5})}$ gedurende die iteratiewe proses te groot word indien daar nie 'n beperking op die koëffisiënte a_3 en a_4 is nie.

Ons definieer a_j^* as

(i) $a_j^* = g_{1,j} + (g_{2,j} - g_{1,j}) \sin^2 a_j$ $\forall j$ waarvoor daar beperkings op die koëffisiënte is, d.w.s. $a_j^* \in [g_{1j}; g_{2j}]$

(ii) $a_j^* = a_j$ as daar nie beperkings op die koëffisiënte is nie.

Deur die koëffisiënte a_j van die funksie te vervang deur a_j^* en daarna die funksie $F_i(X,a)$ te minimeer, sal die koëffisiënte aan die beperkings voldoen.

3.5 Gebruik van Skaleringskonstantes

In 'n stelsel lineêre vergelykings Ax=b kan aan die elemente x_j en die b_i fisiese betekenisse geheg word. So kan bv. x 'n verplasingsvektor wees (gemeet in sentimeters) en C 'n kragvektor voorstel (gemeet in dienes). Omdat die fisiese eenhede willekeurig gekies kan word, is dit nodig om die invloed van so 'n keuse na te gaan. As x_j bv. in kilometers i.p.v. sentimeters gemeet word, moet x_j vervang word deur $10^5 x_j$ en elke term $a_{ij}\, x_j$ deur $10^5 a_{ij}\, x_j$. Die hele j-de kolom van A moet dus met 'n faktor 10^5 vermenigvuldig word.

Veronderstel ons vervang die x_j's deur $d_j^{(2)} x_j$ $\forall j = 1, \ldots, n$ en laat

$$D_2 = \begin{bmatrix} d_1^{(2)} & \cdots & 0 \\ \vdots & \ddots & \vdots \\ 0 & \cdots & d_n^{(2)} \end{bmatrix}$$

Dan is

$$x = D_2 x^1$$

Veronderstel verder dat

$$\begin{bmatrix} d_1^{(1)} & \cdots & 0 \\ \vdots & \ddots & \vdots \\ 0 & \cdots & d_n^{(1)} \end{bmatrix}$$

Die tweede nie-singuliere matriks is en dat

$$b = D_1 b^1.$$

Die sisteem $Ax = b$ word dus

$$AD_2 x^1 = D_1 b^1 .$$

Dus $\quad D_1^{-1} A D_2 x^1 = b^1$

d.w.s. $\quad A^1 x^1 = b^1$

waar $\quad A^1 = D_1^{-1} AD_2$ en $b^1 = D_1^{-1} b$.

Hierdie skaleringsfaktore kan 'n belangrike rol speel in die oplos van 'n kleinstekwadraat-probleem. Die keuse van die skaleringsfaktore kan die noukeurigheid van die resultate beïnvloed asook die aantal iterasies wat nodig is om aan die konvergensievereistes te voldoen.

P C Haarhoff bespreek in [4] 'n metode om geskikte skaleringsfaktore te bereken.

Volgens die metode word twee skaleringsfaktore bereken:

(a) Die skaleringsfaktor Fsc vir die objekfunksie word geneem as die som van die funksiewaarde $Fsc = \Sigma F_i^2$.

(b) Die skaleringsfaktore XSC_i vir die skalering van X_i, $i=1, --, n$, moet so gekies word dat die koëffisiënte in alle Taylor uitbreidings na skalering van orde een is (die waardes van sommige koëffisiënte kan selfs nul wees, maar mag net nie groter as een wees nie) en dat die skaleringsfaktore nie te groot of te klein word nie. D.w.s.

$$BOT \leq XSC_i \leq TOP$$

waar TOP en BOT respektiewelik die gegewe bo- en ondergrens is. As die skaleerde waardes van F en X_i deur f en x_i voorgestel word dan is

$$\frac{\partial f}{\partial x_i} \lesssim 1$$

d.w.s.

$$XSC_i \lesssim Fsc \Big/ \left|\frac{\partial F}{\partial X_i}\right| = (XSC_i)_1$$

en

$$XSC_i \lesssim \sqrt{Fsc \Big/ \left|\frac{\partial^2 F}{\partial X_i^2}\right|} = (XSC_i)_2 .$$

Die waarde van XSC_i word dan geneem as

$$XSC_i = \text{maks}\{\min\{(XSC_i)_1, (XSC_i)_2, TOP\}, BOT\}.$$

3.6 Numeriese Berekening van Afgeleides

In die meeste gevalle, waar die minimum van die norm van die kwadrate van 'n nie-lineêre passing gevind moet word, is die analitiese afgeleides van die gegewe funksie onverkrygbaar.

Numeriese metodes moet dan gebruik word om afgeleides te bepaal.

Beskou die Taylor-uitbreiding van 'n funksie f(x) om die punt x, dan is

$$f(x+h) = f(x)+h\, f^1(x) + \frac{h^2}{2} f''(x)+0(h^3) \qquad (3.6.1)$$

en

$$f(x-h) = f(x)-h\, f^1(x) + \frac{h^2}{2} f''(x)+0(h^3). \qquad (3.6.2)$$

Uit (3.6.1) is die eerste orde-benadering $f^1(x) = \frac{f(x+h)-f(x)}{h}$.

As 'n tweede orde-benadering volg uit die verskil van twee Taylor-uitbreidings dat

$$f^1(x) = \frac{f(x+h) - f(x-h)}{2h} .$$

3.7 Die Algoritme vir PASPLT

Om die oplossing van 'n nie-lineêre kleinstekwadrate-probleem te vind, los ons in werklikheid met elke iterasie 'n lineêre probleem op.

Laat $F = f_i = f_i(a)$ en $A = \nabla f(a)$

die Jacobiaan van F wees, dan kan die lineêre probleem wat opgelos moet word, voorgestel word deur:

$$\begin{bmatrix} F \\ 0 \end{bmatrix} + \begin{bmatrix} A \\ B \end{bmatrix} h = r$$

Dus, $$\left[A^T A + B^T B\right] h = -A^T F, \tag{3.7.1}$$

of $$h = -\left[A^T A + B^T B\right]^{-1} A^T F.$$

Laat $a^i = \{a_j^i\}$, $j=1,2,---,\ell$ die koëffisiënte en $S(a^i)$ die som van die kwadrate van die verskille in die i-te iterasie wees.

In die berekening van $(A^T A + B^T B)^{-1}$ word gebruik gemaak van Householder-transformasies en van die pseudo-inverse.

As die Jacobiaan numeries bereken word, word die passingsfunksie soos in par. 3.3 beskryf, geskei in 'n lineêre en 'n nie-lineêre gedeelte. Die matriks $B^T B$ is 'n diagonaalmatriks met diagonaalelemente λV waar V gegee word deur

$$V_k^i = |a_k^i| \Big/ \sum_{j=1}^{\ell} |a_j^i|, \qquad k=1,2,---,\ell$$

en waar die dempingsfaktor λ 'n skalaarveranderlike is wat begrens word deur FNMN en FNMX. Die dempingsterm λV^i speel 'n belangrike rol in die bepaling van die nuwe koëffisiënte a_k^{i+1}.

Die parameter IC word in die begin van elke iterasie gelyk aan nul gestel en met elke berekening van S(a) met een vermeerder. Die dempingsfaktor λ word soos volg deur die program verander.

i As $S(a^i+h) > S(a^i)$ word die waarde van $R=\min\{0{,}2\ \log^2 \frac{\lambda S(a^i)}{S(a^i+h)} + DINC,\ 10\}$ bereken en λ word vervang deur $\lambda = \lambda * R$, waar DINC 'n konstante is.

ii As $S(a^i+h) \leq S(a^i)$ en $IC \neq 1$ bly λ onveranderd in die volgende iterasie en as IC=1 word λ vervang deur $\lambda = \lambda * DECR$, waar $0 < DECR < 1$, 'n konstante is.

Skalering van die veranderlikes kan toegepas word en die koëffisiënte a_j kan gedurende die iteratiewe proses begrens word of waar nodig konstant gehou word.

3.7.1 Algoritme

Die algoritme kan stapsgewys soos volg voorgestel word:

(1) Kies λ_o, DECR, DINC, FNMN en FNMX. Kies beginwaardes vir a^o en bereken $S(a^o)$.

(2) Bereken A^i en ontbind A^i in ortogonale matrikse.

Bereken $V^i = |a^i| \Big/ \sum_{k=1}^{\ell} |a_k^i|$ Stel IC=0.

(3) Voltooi die ontbinding van $\begin{bmatrix} A^i \\ \lambda V^i \end{bmatrix}$

(4) Bereken h uit (3.7.1) en stel IC = IC + 1.

(5) As $S(a^i+h) \leq S(a^i)$ Stel $a^{i+1} = a^i+h$ en i=i+1 gaan na stap 7.

(6) As $S(a^{i+h}) > S(a^i)$ en as $\lambda <$ FNMX, Stel $\lambda = R * \lambda$ met $R=\min\{0{,}2\log^2 \frac{\lambda S(a^i)}{S(a^i+h)} + \text{DINC}, 10\}$ gaan na stap 3. As $\lambda >$ FNMX gaan na stap 9.

(7) As IC=1 en $\lambda >$ FNMN. Stel $\lambda =$ DECR $* \lambda$, anders $\lambda = \lambda$.

(8) Toets vir konvergensie. Vir geen konvergensie, gaan na stap 3.

(9) Einde van program.

In figuur 3.1 word die vloeidiagram van die algoritme gegee.

3.8 Bestaande Algoritmes

Die algoritme wat in PASPLT gebruik word, is net soos 'n paar ander algoritmes gebaseer op die algoritme van Marquardt [23].

Die belangrikste verskil tussen die algoritmes is geleë in die keuse van B^TB.

3.8.1 Die Marquardt-of DLS-algoritme

In die Marquardt algoritme [23] word B^TB as die diagonaal matriks λI geneem.

Die verskillende stappe kan soos volg voorgestel word.

1. Kies λ en $\nu > 1$, waar ν 'n konstante is, gee beginwaardes vir $a=a^o$ en bereken $S(a^o)$ Stel i=1.

2. Stel $\lambda = \lambda / \nu$.

3. Bereken A, A^TA en A^TF.



FIG. 3.1 VLOEIDIAGRAM PASPLT - ALGORITME

4. Los h op uit $\left[A^T A + \lambda I\right] h = -A^T F$ en bereken $S(a^i+h)$

5. As $S(a^i+h) \leq S(a^i)$, stel $a^{i+1} = a^i+h$, $i=i+1$ en gaan na stap 7.

6. As $S(a^i+h) > S(a^i)$, stel $\lambda = \nu\, \lambda$ en gaan na stap 2.

7. Toets vir konvergensie, vir geen konvergensie gaan na stap 2, anders eindig die program.

Die algoritme verskil van dié in par. 3.7.1 t.o.v. die keuse van V en die berekening van λ d.w.s. in die keuse van $B^T B$.

Marquardt neem $B^T B$ as λI, terwyl in PASPLT die matriks λVI geneem word. D.w.s. Marquardt neem $B^T B$ as 'n diagonaalmatriks waarvan die elemente almal dieselfde is, terwyl in PASPLT die matriks $B^T B$ 'n diagonaalmatriks is waarin die elemente almal verskil.

Marquardt bepaal 'n nuwe dempingsfaktor vir elke iterasie terwyl PASPLT dit nie doen nie. Verder bepaal Marquardt die nuwe dempingsfaktor deur die vorige dempingsfaktor met dieselfde konstante ν te vermenigvuldig of te deel terwyl in PASPLT hierdie waarde ν nie konstant bly nie.

3.8.2 Die Osborne-algoritme

Die Osborne-algoritme soos beskryf in [8] is 'n variasie van die Marquardt-algoritme. In hierdie algoritme word $B^T B$ ook as die diagonaalmatriks λI geneem en die parameters DECR, DINC en IC word soos in par. 3.7.1 gedefinieer.

Die Osborne-algoritme maak soos die PASPLT algoritme gebruik van Householder-transformasies en van die pseudo-inverse.

Net soos in die geval van die Marquardt-algoritme verskil hierdie algoritme van die PASPLT-algoritme in die keuse van B^TB. Osborne neem B^TB net soos Marquardt as die diagonaalmatriks λI. Die verskil tussen Marquardt en Osborne is daarin geleë dat in die berekening van die nuwe dempingsfaktor Marquardt altyd die ou dempingsfaktor vermenigvuldig of deel met dieselfde konstante waarde ν terwyl Osborne twee verskillende waardes gebruik, een om mee te vermenigvuldig en 'n ander om mee te deel. Verder bereken Osborne net soos PASPLT nie 'n nuwe dempingsfaktor vir elke iterasie nie.

3.8.3 Die MDLS of Gauss-Newton-Marquardt algoritme

Omdat die norms van die kolomme van die Jacobiaan A in nie-lineêre probleme soms baie verskil, kan die elemente van A^TA soms baie groot, baie klein of selfs nul word.

Marquardt het daarom voorgestel dat B^TB as 'n diagonaalmatriks Q met diagonaalelemente $\lambda Q_{ii} = \lambda(A^TA)_{ii}$ geneem word. Dus het ons hier 'n metode waarin die diagonaalelemente van B^TB nie almal dieselfde is nie. Die PASPLT-algoritme verskil dus in die opsig slegs in die keuse van die diagonaalterme. Die nuwe dempingsfaktor word in die geval op dieselfde manier as in die Marquardtmetode bereken.

3.8.4 Die Nash-Marquardt-algoritme

In die geval waar A^TA nulelemente in die diagonaal $(A^TA)_{ii}$ besit, het λ geen effek nie aangesien vir die betrokke elemente $Q_{ii}=0$ is. Om die probleem op te los stel Nash [21] voor dat $(A^TA)_{ii}$ vervang word deur $(A^TA)_{ii}\ (1+\lambda) + \alpha\lambda$ waar α 'n willekeurige konstante is. Die vergelyking (3.7.1) word dus:

$$\{A^TA + (\lambda(A^TA)_{ii} + \lambda\alpha)I\}\ h = -A^TF$$

Om singulariteite in die bepaling van h, tot 'n minimum te beperk, maak hy ook gebruik van matriksontbinding. Verder definieer hy konstantes ν, β en R, waar $\nu>\beta>1$ is. Hierdie konstantes ν en β word gebruik in die bepaling van nuwe λ-waardes terwyl R 'n ondergrens vir λ is.

Vir $S(a^i+h) > S(a^i)$ word $\lambda = \nu\lambda$ gestel en vir $S(a^i+h) \leq S(a^i)$ word $\lambda = \beta\lambda/\nu$ gestel. Die Nash-metode verskil dus van die PASPLT-metode in die bepaling van B^TB. Nash gebruik vir B^TB die diagonaalmatriks $\{\lambda(A^TA)_{ii} + \lambda\alpha\}I$ terwyl in PASPLT vir B^TB $(\lambda V)I$ gebruik word. Nash bepaal net soos Marquardt 'n nuwe dempingsfaktor vir elke iterasie, maar gebruik anders as Marquardt twee verskillende waardes vir ν, een om mee te vermenigvuldig en die ander om mee te deel. Beide algoritmes maak gebruik van matriksontbinding en in beide algoritmes is daar 'n ondergrens vir λ. In die PASPLT-algoritme word daar ook 'n bogrens op λ geplaas.

3.8.5 Die Fletcher-algoritme

Fletcher lê in [22] reëls gegrond op die verhouding R neer vir die vermeerdering en vermindering van λ. Die verhouding is $R = R'/R''$, waar $R' = S(a^i) - S(a^{i+1})$,

$$R'' = \Phi(a^i) - \Phi(a^i+h) = -2h^T(A^TF)^i - h^TA^ih$$

en $\Phi(a)$ die verwagte som van die kwadrate van die verskille voorstel.

As $R < \rho$ word λ verminder en as $R > \sigma$ word λ vermeerder, andersins bly λ konstant. Die konstantes ρ en σ word so gekies dat $0<\rho<\sigma<1$. Die program VA07A, wat in [22] bespreek word, gebruik Fletcher se algoritme, en dit besit verder die moontlikheid om die vektor a te skaleer. Verder is dit ook moontlik om die a-waardes te begrens. Die metode stem behalwe vir die keuse van B^TB en die verandering van λ grootliks met die metode wat in PASPLT gebruik word ooreen.

Fletcher neem B^TB net soos Marquardt, as die diagonaalmatriks λI.

3.8.6 Samevatting

Al die algoritmes berus op die kleinstekwadrate-metode. Die vernaamste verskille en ooreenkomste van voorgaande algoritmes kan in die volgende tabel saamgevat word.

ALGORITME / PARAMETER	PASPLT	MARQUART	OSBORNE	MDLS	NASH	FLETCHER
λ-waardes (i) $S(a^i+h)>S(a^i)$ (ii) $S(a^i+h)\leq S(a^i)$ (iii) Grense	(i) $R=\min\{0{,}2\ \log^2 \frac{\lambda S(a^i)}{S(a^i+h)} + DINC,\ 10\}$ $\lambda=\lambda R$ en $IC=IC+1$ (ii) $IC=1$ $\lambda=\lambda*DECR$ $IC\neq1$ $\lambda=\lambda$ (iii) $FNMN \leq \lambda \leq FNMX$	(i) $\lambda=\lambda*DINC$ (ii) $\lambda=\lambda*DECR$ -	(i) $\lambda=\lambda*DINC$ $IC=IC+1$ (ii) $IC=1$ $\lambda=\lambda*DECR$ $IC\neq1$ $\lambda=\lambda$ (iii) $FNMN \leq \lambda \leq FNMX$	(i) $\lambda=\lambda*DINC$ (ii) $\lambda=\lambda*DECR$	(i) $\lambda=\lambda*DINC$ (ii) $\lambda=\lambda*DECR$ (iii) $\lambda>FNMN$	(i) $R=R'/R''$ $0<\rho<\sigma<1$ Verminder λ as $R<\rho$ Vermeerder λ as $R>\sigma$ anders $\lambda=\lambda$
V-vektor	Vektor met elemente $V_i = \lvert a_i\rvert / \sum_{j=1}^{\ell} \lvert a_j\rvert$	eenheids-vektor	eenheidsvektor	Vektor met elemente $(A^TA)_{ii}$	Vektor met elemente $(A^TA)_{ii}+\alpha$	eenheidsvektor
Matriksont-bindings	JA	NEE	JA	NEE	JA	JA
Skalering	JA	NEE	NEE	NEE	NEE	JA
Beperking op a-waardes	JA	NEE	NEE	NEE	NEE	JA

Tabel 3.8.1 Die vernaamste verskille en ooreenkomste van die verskillende algoritmes

Verder verskil PASPLT van die ander metodes in die opsig dat as die afgeleides numeries bepaal word, word die funksie in 'n lineêre en nie-lineêre gedeelte geskei. Die afgeleides van die lineêre gedeelte word slegs een keer in die minimeringsprosedure bereken, daardeur word baie rekentyd bespaar.

4. BESKRYWING VAN DIE PROGRAM PASPLT

4.1 Inleiding

Ons taak is soos voorheen gestel om die koëffisiënte a_j van 'n gegewe lineêre of nie-lineêre funksie F(x,a), deur 'n aantal eksperimentele datapunte te bereken, sodanig dat die som van die kwadrate van die verskille tussen die eksperimentele waardes en die berekende funksiewaardes in die ooreenstemmende punte 'n minimum is.

Laat

$$\bar{X} = (x_{ij}) = \begin{bmatrix} x_{11} & x_{12} & \cdots & x_{1n} \\ x_{21} & x_{22} & \cdots & x_{2n} \\ \vdots & \vdots & \ddots & \vdots \\ x_{m1} & x_{m2} & \cdots & x_{mn} \end{bmatrix}$$

die eksperimentele data voorstel, waar i die datastel en j die waarneming aandui.

Verder dui

$$\bar{Y} = (y_i) = [y_1, \cdots, y_m]^T$$

$$= [x_{1s}, x_{2s}, x_{3s}, \cdots, x_{ms}]^T$$ die eksperimentele s-de afhanklike veranderlike

en

$$\bar{Y}^* = (y_i^*) = [y_1^*, \cdots, y_m^*]^T$$ die berekende waardes aan

waar

$$y_i^* = F_i\ (x_{ij},\ a_k), \quad \begin{array}{l} j=1,2,\ \cdots,\ n \\ k=1,\ell \\ i=1,\ m \text{ met } \ell < n \end{array}$$

Die funksie wat geminimeer word, is

$$S = \sum_{i=1}^{m} (y_i - y_i^*)^2 = ||\bar{Y} - \bar{Y}^*||^2$$

Die funksie F wat gepas word kan lineêr en/óf nie-lineêr in a_i, $i=1,2, ---, \ell$ wees. Die koëffisiënt a_j kan begrens word deur

$$g_{a_{1,j}} \leq a_j \leq g_{a_{2,j}} \quad \forall j = 1,2, ---, \ell$$

Dit is moontlik om met die PASPLT-program in 'n enkele lopie 'n aantal verskillende funksies deur dieselfde eksperimentele datapunte te pas.

Die program bied ook die moontlikheid om die eksperimentele punte en/of die gepaste funksie m.b.v. 'n grafiektrekker te teken.

Verder is daar ook voorsiening gemaak om die interkorrelasie tussen die veranderlikes in tabelvorm op te som asook vir die berekening van die kolom gemiddeldes en standaardafwykings.

4.2 Beskrywing van PASPLT

Die programmatuur bestaan uit 'n hoofprogram sowel as Fortran- en Assemblersubroetines. Die verskillende Fortran- en Assemblersubroetines wat gebruik word, word respektiewelik in bylaes A en B gegee.

Die gebruiker verskaf slegs die subroetine PASDIM met ingangspunte PASGEN, PASFUN en PASAF.

Die parameters IR, IK en IA wat in PASDIM gedefinieer word, word deur middel van 'n COMMON-stelling na die subroetine DIMEN oorgedra om die ordes van die matrikse te bepaal.

Verdere veranderlikes wat as onafhanklike of afhanklike veranderlikes in die program gebruik kan word, kan in PASGEN genereer word.

In PASFUN word die funksie gedefinieer. Voordat PASFUN geroep word, word die betrokke stel eksperimentele waardes in 'n vektor x gestoor. Indien meer as een funksie gepas word, word die parameter NPAS deur middel van die COMMON-stelling oorgedra nl.

```
COMMON / FNOM / NPAS
```

As die parameter NUM=0, moet die afgeleides van 'n nie-lineêre funksie $\frac{\partial F}{\partial a_i}$, i=1, ---, ℓ in PASAF gegee word. Die afgeleides word in die vektor F gestoor, terwyl die veranderlikes op dieselfde wyse as in PASFUN in die vektor x gestoor word. Vir NUM=1, word die afgeleides numeries bereken volgens die metode van par. 3.6. PASPLT is in dubbelpresisie vir 'n IBM 370 model 155 geskryf en die CALCOMP 936 grafiektrekker word gebruik om die krommes te trek.

'n Vloeidiagram wat die prosedure illustreer verskyn op bls. 53 figuur 4.1. Indien 'n subroetine, bv. die stipsubroetines, nie beskikbaar is nie, kan dit vervang word deur 'n fopsubroetine, bv.

```
SUBROUTINE PLOTT
RETURN
END
```



FIG. 4.1 GLOBALE VLOEIDIAGRAM

4.3 Beskrywing van Fortran-subroetines

4.3.1 DATTYD

Die subroetine word in die begin van die hoofprogram geroep en bepaal die datum en tyd, wat uitgedruk word bo-aan die bladsy met resultate.

Die volgende Assemblersubroetines word deur DATTYD geroep:

1. DATE - Om die datum te bepaal
2. HTYD - Om tyd te bereken
3. CPUTIM - Om die verwerkingstyd te bepaal. Om dit te kan doen word die subroetine aan die begin en einde van die program geroep.

4.3.2 DIMEN

Die parameters IR, IK en IA wat in PASDIM gedefinieer is, word in die subroetine DIMEN gebruik om die ordes van matrikse $\bar{X}$, $\overline{XT}$ en COR te bereken, waar $\bar{X}$ die matriks met eksperimentele datapunte, $\overline{XT}$ die matriks met die afgeleides van vektor $\underset{\cdot}{a}$ by elke datapunt en COR die matriks met korrelasiekoëffisiënte voorstel. In DIMEN word die volgende twee subroetines geroep, nl.

1. PASDIM, om die waardes van IR, IK en IA te kry;
2. DMENSI, om stoorplek dinamies toe te ken.

Die subroetine DIME kom as eksterne subroetine in die argumentlys van DIMEN voor.

4.3.3 DIME

In subroetine DIME word eerstens die subroetine BEGIN geroep: In BEGIN word die keuse parameters gedefinieer, die naamlys 'LEES' word ingelees en die invoerparameters word uitgedruk:

Indien die keuseparameter IFIT = 1, roep DIME die volgende subroetines:

(1) Die optimeringsprogram MINLSQ, om die funksie

$$S = \sum_{i=1}^{m} (y_i - y_i^*)^2 \text{ te minimeer.}$$

(2) Die korrelasieprogram CORREL, om die kolomgemiddeldes en variansies te bereken.

(3) DATUIT, om die data ingelees en die korrelasiekoëffisiënte matriks uit te druk.

Indien die keuseparameter IPLOT=1 en die parameter IER=0, word die stipprogram geroep om grafieke te teken. Die program stel IER=0 slegs as IFIT=0 of as IFIT=1 en die konvergensievereistes word bevredig.

4.3.4 BEGIN

In BEGIN word alle keuseparameters gedefinieer. 'n Lys van alle keuseparameters verskyn op bladsy A5 van Bylae A..

Alle datapunte word van kaarte met verwysingnommer 5 of van 'n lêer met verwysingnommer 8 gelees, en die data wat binne die bepaalde voorgeskrewe grense lê word in matriks $\bar{X}$ gestoor. Die subroetine PASGEN word hierna geroep om indien nodig verdere veranderlikes te genereer.

Die totale aantal veranderlikes en datastelle wat gebruik kan word, word deur die program bepaal. Indien die aantal datastelle groter as IR is, word 'n boodskap uitgedruk en slegs die eerste IR stelle word in die passing gebruik. Invoerparameters sal uitgedruk word as IDRUK groter as -1 is, en indien die beginwaardes van a_j $j=1, ---, \ell$ buite die voorgeskrewe grense lê of indien IK se waarde te klein is sal die program 'n boodskap uitdruk en eindig.

Die volgende subroetines word deur BEGIN geroep:

(1) PASGEN om nog veranderlikes voort te bring

(2) DATA, om data te lees en/of op 'n lêer te skryf

(3) ASSE, om die grafiektrekker se buffer leeg te maak.

4.3.5 DATA

Die subroetine word gebruik om data vanaf kaarte in 'n lêer te skryf. Indien NGO=5 word die data vanaf kaarte in 'n permanente of tydelike lêer met verwysingnommer 8 geskryf, sodoende kan die data herhaaldelik uitgesoek en gebruik word. Sodra die data in die lêer geskryf is, word NGO gelyk aan 8 gestel en dit is dus vir die gebruiker nie nodig om NGO te verander nie. Indien IDAT=1 sal die data wat op kaarte of in die lêer verskyn uitgedruk word.

4.3.6 MINLSQ

In subroetine MINLSQ word die koëffisiënte $a_j, j=1, ---,$ van die passing iteratief bereken, sodanig dat die som van die kwadrate van die verskille tussen die berekende funksiewaardes en die ooreenstemmende eksperimentele waardes 'n minimum is. Die metode wat vir hierdie minimering gebruik word, is dié wat in par. 3.8 beskryf is.

Vir 'n beskrywing van die verskillende parameters in die argumentlys sien bl. A15, bylaag A.

Die volgende subroetines word deur MINLSQ gebruik:

1. FIT, om die funksiewaardes en afgeleides te bereken;
2. CONST, om te bepaal watter koëffisiënte lineêr voorkom;
3. EIN, om die skalare produk van twee vektore te bereken;
4. ESQ, om die som van die kwadrate van die komponente van 'n vektor te bereken.

'n Skematiese voorstelling van die iteratiewe minimeringsprosedure verskyn op bls. 58 figuur 4.2.

4.3.7 FIT

As FIT deur MINLSQ geroep word en IN=0, word die verskille tussen die eksperimentele en berekende waardes bereken en in die vektor F gestoor. As IN=1, word die afgeleides $\frac{\partial F_i}{\partial a_j}$, j=1,2, --, en i = 1,2, ---, m bereken en in die matriks B gestoor, en die verwerkingstyd wat nog beskikbaar is, word bepaal. Indien die beskikbare verwerkingstyd minder of gelyk aan die parameter TYD is, word IN=-1 en IPONS=1 gestel. Die a-waardes word dan op kaarte gepons en die program eindig met IER=5.



FIGUUR 4.2 LOGIESE DIAGRAM VAN MINLSQ

4.3.8 DIFF

In DIFF word die regressiekoëffisiënt, die som van kwadraatafwykings, die som van die absolute waardes en die wortel van die gemiddelde kwadraatafwyking van die persentasiefout, bereken en uitgedruk.

4.3.9 CORREL

In die subroetine CORREL word die gemiddeldes en standaardafwykings bereken asook indien ICOR=1 die korrelasietabel van die eksperimentele data.

4.3.10 DATUIT

In die subroetine DATUIT word, indien IDRUK > 0 is, die gemiddeldes, standaardafwykings en as ICOR=1, die korrelasietabel uitgedruk.

4.3.11 CONST

Die a-waardes wat lineêr voorkom word in CONST bepaal. As a_j lineêr is word 'n parameter IK(J) gelyk aan 1 gestel so nie gelyk aan 0. As IK(J)=1, bly die afgeleides in die j^{de} kolom van B konstant en word net een maal in die subroetine bereken.

4.3.12 PLOTT

As IPLOT=1 en IER=0, word die subroetine PLOTT geroep. As IPUNT=1, word die afhanklike eksperimentele waardes wat tussen gegewe grense lê uitgesoek en teen 'n bepaalde onafhanklike veranderlike geteken. Die IX(NN) veranderlike word teen die IX(NN-1) veranderlike geteken.

As ILYN=1, word die funksie tussen XBEG en XEND, YBEG en YEND geteken. As IDENT > 0 is, word die waarde van X(I, IDENT) by die ooreenstemmende punt geskryf.

4.3.13 ASSE

In die subroetine ASSE word die stipsubroetines beskikbaar gestel en indien IAS=1, word 'n assestelsel geteken, terwyl die opskrif wat in die vektor PASF gestoor is, bo-aan die grafiek geskryf word.

Die waardes van die veranderlikes wat konstant gehou word, word onder die opskrif geskryf.

4.3.14 LYN

Die subroetine LYN, teken die gedeelte van die grafiek wat tussen XBEG en XEND t.o.v. X-as en tussen YBEG en YEND t.o.v. die Y-as lê. Aan die einde van die grafiek word die naam in XNAME(IX (NSOEK)) en die waarde van XP(NSOEK) geskryf.

NDIGD is die aantal intervalle waarin die X-as verdeel word en by elke endpunt van so 'n interval word die funksiewaarde bereken om die grafiek te teken.

4.4 Die Gebruik van PASPLT

4.4.1 Inlees van data

Die eksperimentele data kan òf van kaarte òf van 'n lêer ingelees word. As die data van kaarte gelees word, d.i. NGØ=5, word die data wat op die kaarte verskyn in 'n tydelike of permanente lêer, met lêernommer 8 geskryf, die program stel dan NGØ gelyk aan 8 en as dié data weer gebruik word sal dit outomaties van skyf gelees word.

In die naamlys '&LEES' word die formaatstelling waarop die data ingelees word, in die vektor FORM gestoor bv. FORM = '(8F10.0)'.

Die data wat vir die passing benodig word, word uit die eksperimentele data, soos dit in die lêer geskryf is, uitgesoek en slegs dié data word in die matriks $\bar{X} = (x_{ij})$ gestoor.

Die waarde van die parameter KX dui aan op hoeveel veranderlikes grense is en die kolomindekse van hierdie veranderlikes word in die vektor KVX gestoor. Die grenswaardes word in die matriks (GX(I,J), I=1,2 en J=1,KX) gegee, waar GX(1,J) die onderste en GX(2,J) die boonste grens aandui.

As NGØ=5 en die data dus van kaarte gelees word moet aan die einde van die data 'n kaart geplaas word met 'n ster in kolom 1.

Deur IDAT=1 te stel word 'n lys van al die data wat op die kaarte gepons is, gedruk. As in dieselfde lopie, die grenswaardes verander word vir 'n volgende passing moet die data weer gelees word, en die parameter LEESX moet gelyk aan 1 gestel word, sodat die nodige data weer uitgesoek kan word. Nadat die data uitgesoek is stel die program LEESX=0.

Die program kan maksimaal 50 veranderlikes hanteer, terwyl daar geen beperking op die aantal eksperimentele datastelle is nie. Die aantal veranderlikes wat ingelees en gegenereer word, word deur die program bepaal.

Alle verdere parameters vir die passing word in die naamlys '&LEES' gedefinieer en verskillende naamlyste vir verskillende passings kan na mekaar ingelees word. Sien voorbeelde 3, 4, 5, 6 en 8 in bylaag C.

4.4.2 Die lineêre funksie

Die lineêre funksie $y = a_1 + \sum_{j=2}^{\ell} a_j x_{j-1}$ kan gepas word deur die parameter NN gelyk aan die aantal koëffisiënte te stel en in die vektor IX die kolomindekse van die veranderlikes te stoor wat in die passing gebruik word. Die kolomindekse word so gestoor dat IX(NN) die afhanklike veranderlike is. Bv. as NN=4 en IX=1, 4, 5, 7, 8 sal die volgende funksie gepas word:

$$Y = a_1 + a_2 X_1 + a_3 X_4 + a_4 X_5 + a_5 X_7$$

met X_8 = Y die afhanklike veranderlike. Omdat bogenoemde funksie lineêr in a_j, j=1,2, ---, 5 is, kan hierdie a's regstreeks bepaal word.

Vir die passing moet die parameter IT=0 wees, en omdat dit nie nodig is om die funksie in PASFUN te definieer nie, moet NL=0 gestel word. Sien voorbeeld 5. Alle ander lineêre funksies moet in die subroetine PASDIM onder ingangspunt PASFUN gedefinieer word. Die parameter NL dui die aantal koëffisiënte a_j aan en omdat die funksie lineêr is, moet IT=0 wees. Verder stel NN die aantal (IX(J), J=1,NN) veranderlikes voor met IX(NN) die afhanklike veranderlike.

Vir die lineêre funksie is dit nie nodig om beginwaardes vir die a's te gee nie.

4.4.3 Die nie-lineêre funksie

Vir die passing van 'n nie-lineêre funksie moet redelike aanvangwaardes vir die a_j's in die naamlys verskaf word. Dit is ook moontlik om sommige of selfs alle a-waardes te begrens. Dit word gedoen deur aan die parameter KA, 'n waarde toe te ken gelyk aan die aantal a-waardes wat begrens word en in die vektor KVA aan te dui op watter a-waardes grense gestel is. Die grense word in die matriks (GA(I,J), I=1,2, J=1,KA) gegee, waar GA(1,J) die onderste en GA(2,J) die boonste grens van A(J) voorstel.

Bv.

As ons a_3 en a_5 respektiewelik wil begrens tussen 3,0 en 5,0, 4,0 en 8,0 dan is KA=2, KVA=3,5, en GA=3.0, 5.0, 4.0, en 8.0.

Deur 'n parameter IV(J)=1 te stel is dit moontlik om die ooreenstemmende a_j-waarde gedurende die iteratiewe minimeringsproses konstant te hou. Dit kan in die ontwikkeling van die funksie handig wees. Die parameter IT dui die maksimum aantal iterasies aan, terwyl ITSIK die aantal iterasies voorstel, voordat herskalering van die a-waardes en afgeleides plaasvind.

4.4.4 Die gekombineerde lineêre en nie-lineêre funksie

Gestel die funksie bestaan uit 'n lineêre en 'n nie-lineêre gedeelte. Die funksie kan dan geskryf word as Y=F(X,A) + G(X,A) waar F(X,A) die lineêre gedeelte en G(X,A) die nie-lineêre gedeelte voorstel. Die afgeleides $\frac{\partial F}{\partial a_j}$ van die lineêre gedeelte bly gedurende die iteratiewe minimeringsproses konstant.

Beskou as voorbeeld die volgende funksie, wat ons deur 'n stel datapunte wil pas:

$$Y = a_1 + a_2 X_1^2 + a_3 e^{a_4 X_2}$$

$F = F(X,A) = a_1 + a_2 X_1^2$ stel die lineêre gedeelte

en

$G = G(X,A) = a_3 e^{a_4 X_2}$ stel die nie-lineêre gedeelte voor

dan is: $\frac{dY}{da_1} = 1$ en $\frac{dY}{da_2} = X_1^2$

As NUM=1 word die afgeleides numeries bepaal. Die a's word nou met ΔA vermeerder en die afgeleides word weer bereken.

Indien $\left| \frac{dF}{da_j} - \frac{dF}{d(a_j+\Delta a_j)} \right| \leq 1.D-8$

word aanvaar dat die a_j lineêr voorkom en die afgeleides $\frac{\partial F_i}{\partial a_j}$ is konstant $\forall$ i = 1, 2, ---, m.

As NUM=1 word alle afgeleides soos in par. 3.6 numeries, bepaal. D.w.s.

$$\frac{\partial F}{\partial a_j} = \frac{F(a_j+h) - F(a_j-h)}{2h}$$

waar h deur die program bepaal word.

Die afgeleides wat onafhanklik van a_j's is word in die matriks (B(I,NL+J), I=1, M, J=1,NC) gestoor waar NC die aantal a_j's is wat lineêr in F voorkom. Vir elk van hierdie a_j's word die parameter IK(J) = 1 gestel, en vir elke a_j wat nie-lineêr voorkom word IK(J)=0 gestel. Aangesien daar in die meeste funksies lineêre terme in a_j voorkom, kan baie rekenwerk bespaar word deur die funksie in 'n lineêre en 'n nie-lineêre gedeelte te skei, omdat die afgeleides van die lineêre terme net eenmaal bereken word. Hierdie skeiding is veral voordelig as M en NC groot is.

Die parameter IT en ITSIK het dieselfde betekenis as in 4.4.3.

4.4.5 Subroetine PASDIM

Die subroetine PASDIM besit 4 ingangspunte nl. PASDIM, PASGEN, PASFUN en PASAF.

PASDIM het geen argumentlys nie. Die parameters IR, IK en IA wat in PASDIM gedefinieer is, word deur middel van 'n COMMON-stelling met die naam DIM na die subroetine DIMEN oorgedra. Die waardes wat aan hierdie parameters toegeken word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

IR - Die parameter moet groter of gelyk wees aan die maksimum aantal datastelle wat in die passings gebruik word.

IK - Die parameter moet groter of gelyk wees aan die aantal veranderlikes in 'n datastel, maar kleiner of gelyk aan 50.

IA - Die parameter moet groter of gelyk wees aan die som van twee keer die aantal koëffisiënte wat lineêr en eenkeer die aantal koëffisiënte wat nie-lineêr in die passings voorkom, maar kleiner of gelyk aan 50.

Slegs bogenoemde parameters is in PASDIM gedefinieer om daardeur meer rekenaargeheue vir die program beskikbaar te stel. Dit is dus nie nodig om enige dimensiestellings te verander of te definieer nie.

PASGEN word gebruik om veranderlikes te verander of om nog veranderlikes voort te bring. Die argument X en M word in die argumentlys oorgedra, waar X 'n vektor met fopdimensies is. Die subroetine PASGEN word vir elke datastel geroep, maar voordat PASGEN geroep word, word die M veranderlikes van die betrokke datastel in die vektor X gestoor. Gestel ons wil die volgende funksie pas:

nl. $Y = a_1 + a_2X_1 + a_3X_1^2 + a_4X_1^3$

D.w.s. M=2, en ons kan X_1^2 en X_1^3 in PASGEN bereken deur:

```
X(M+1) = X(1) * X(1)
X(M+2) = X(1) * X(1) * X(1)
```

Die funksie is in dieselfde vorm as die wat in par. 4.4.2 bespreek is, en dit is dus slegs nodig om die parameters NN en IX te definieer. In bogenoemde geval is NN=4, en IX=1, 3, 4, 2. Die funkise kan ook soos gegee in PASFUN gedefinieer word.

Die funksie word in PASFUN gedefinieer. Sy argumentlys bevat die volgende 3 veranderlikes nl. X, A en FPAS, met X en A vektore en FPAS 'n skalaarwaarde. Voordat PASFUN geroep word, word die betrokke stel veranderlikes in die vektor X, gestoor, terwyl die koëffisiënte a_j in die vektor A en die berekende funksiewaarde in FPAS gestoor word.

Die parameter NPAS wat in die naamlys gedefinieer word stel ons in staat om verskillende funksies in dieselfde lopie te pas. Hierdie parameter word deur middel van 'n COMMON-stelling genaamd FNOM na PASDIM oorgedra. Verder kan die betrokke datastelnommer I en die aantal datastelle NX deur 'n COMMON-stelling genaamd XIJ na PASDIM oorgedra word.

Die gebruik van NPAS word in die volgende voorbeeld geïllustreer:

```
      SUBROUTINE PASDIM
      IMPLICIT REAL * 8 (A-H, O-Z)
      DIMENSION A(1), X(1)
      COMMON/DIM/IR, IK, IA
      COMMON/FNOM/NPAS  /XIJ / I, NX
      IR = 10
      IK = 10
      IA = 5
      RETURN
      ENTRY PASAF (X,A,F)
      ENTRY PASGEN (X,M)
      X(M+1) = X(1) * X(1)
      RETURN
      ENTRY PASFUN (X, A, FPAS)
      GO TO (1, 2, 3), NPAS
1     FPAS = A(1) + A(2) * X(1)
      RETURN
2     FPAS = A(1) + A(2) * X(3)
      RETURN
3     FPAS = A(1) + DEXP(X(1) * A(2)).
      RETURN
      END
```

4.4.6 Die minimeringsproses

In die lineêre geval word die normaalvergelykings opgelos m.b.v. Householder-transformasies. Geen iterasies is nodig nie dus is IT=0.

Vir die nie-lineêre geval word 'n iteratiewe metode, naamlik die van Gauss-Newton-Marquardt [2] gebruik. Die parameter IT dui die maksimum aantal iterasies aan. Indien minder as IT iterasies nodig is vir konvergensie, word die parameter IER nul gestel en na die roepprogram teruggekeer. Indien die konvergensie nie in IT iterasies bereik word nie is IER=1. Vir die betekenis van ander waardes van IER sien bylaag A p.A-1.

Daar is twee soorte konvergensies nl. absolute en relatiewe konvergensie.

Vir hierdie twee gevalle konvergeer die oplossings as die volgende voorwaardes bevredig word:

(a) Vir absolute konvergensie as

$$\left| a_i^j - a_i^{j-1} \right| \leq \text{EPS} \ \forall i = 1, ---, \ell$$

(b) Vir relatiewe konvergensie as:

$$\left| \frac{a_i^j - a_i^{j-1}}{a_i^j} \right| \leq \text{EPS} \ \forall \ i=1, ---, \ell$$

waar a_i^j die waarde van a_i se j-de iterasie en EPS die konvergensie-norm is.

M.b.v. die parameter ICON bepaal ons die soort konvergensie wat ons wil gebruik. Vir 'n absolute konvergensietoets moet ICON=0 en vir 'n relatiewe konvergensietoets moet ICON=1 wees.

As NSK=1 word skaleringsfaktore bereken, om die objekfunksie en koëffisiënte te skaal. Indien geen skalering nodig is nie word NSK=0 gestel. Na elke ITSIK-iterasies word nuwe skaleringsfaktore bereken.

4.4.7 Parameters wat die uitdruk beheer

Verskillende parameters beheer die drukstuk vir die invoer en die resultate. Hierdie parameters word in die naamlys '&LEES' gedefinieer en kan na willekeur verander word. Die funksie en die betekenis van die verskillende waardes wat aan die parameters toegeken word verskyn in bylaag A op p.A4 en A5.

4.4.8 Die grafiekprogram

Indien 'n grafiek verlang word, moet die parameter IPLOT=1 wees. 'n Grafiek sal slegs geteken word as IER=0 is. Die parameter IER sal die waarde 0 aanneem indien geen passing gedoen word nie, d.w.s. IFIT=0, òf as die passing die konvergensievoorwaardes bevredig. As IPLOT=1, maar die aantal iterasies IT nie genoeg om konvergensie te bereik nie, sal IER=1 wees, en dus geen grafiek geteken word nie.

Dit is moontlik om die eksperimentele waarde vir die afhanklike veranderlike teen enige ander veranderlike te stip om 'n prentjie te kry van hoe die punte versprei lê. Die punte wat abnormaal ver buite die gebied lê as gevolg van eksperimentele of ponsfoute, kan reggestel word. Dit is soms ook moontlik om die grense so te kies dat die ongewenste punte buite die grense val en dus nie in die passing gebruik sal word nie. Sien Bylae C voorbeeld 1 op bladsy C1, waar die vierde punt ver afwyk van al die ander punte.

Die funksie wat in PASFUN gedefinieer is, kan ook geteken word, deur een van die onafhanklike veranderlikes oor 'n gebied te varieer, terwyl die ander veranderlikes oor die gebied konstant gehou word. Die parameter NSOEK wat in die naamlys gedefinieer moet word, dui die aantal veranderlikes aan wat konsant gehou moet word, terwyl die vektor XP hierdie konstante waardes bevat. Die veranderlikes wat oor die gebied XBEG tot XEND varieer, is dié wat in IX(NN-1) gestoor is.

Om die funksie wat in PASFUN gedefinieer is te teken moet IPLOT=1 en ILYN=1 wees. As IPUNT=1 is, sal die afhanklike teen die onafhanklike eksperimentele datapunte gestip word, d.w.s. IX(NN) word teen IX(NN-1) gestip sodanig dat die NSOEK veranderlikes tussen die grense (XP(I) ± TOLX(I), I=1, NSOEK), lê. Sien Bylae C voorbeeld 3, 4 en 5.

Dit is ook moontlik om die grafieke van die funksies wat in PASFUN gedefinieer is, vir verskillende stelle koëffisiënte te teken. Die nut hiervan is daarin geleë dat verskillende funksies geteken kan word om sodoende vooraf redelike aanvangwaardes vir die koëffisiënte te kry. Sien Bylae C voorbeeld 7. Dit kan 'n besparing in verwerkingstyd teweeg bring omdat daar moontlik minder iterasies vir konvergensie nodig sal wees.

4.4.9 Numeriese Voorbeelde

Ter illustrasie van die gebruik van PASPLT word die volgende voorbeelde in Bylae C gedoen:

1. Die stip van eksperimentele data deur die grafiektrekker. p.C1.

2. Die voortbringing van veranderlikes en die passing van 'n funksie. p.C8.

3. Passingsgrafieke. p.C13.

4. Passingsgrafieke met begrensde veranderlikes. p.C20.

5. Die toepassing van verskillende funksies in dieselfde lopie. p.C27.

6. 'n Toepassing waar slegs grafieke geteken word. p.C34.

7. 'n Nie-lineêre passing. p.C38.

8. Bepaling van die rekenaargeheue wat gebruik word deur 'n lineêre passing. p.C44.

5. RESULTATE

5.1 Voorbeelde

Om die doeltreffendheid van PASPLT te vergelyk met programme gebaseer op die algoritmes wat in par. 3.8 beskryf is, gebruik ons die voorbeelde en data van Meyer en Roth [20]. Dieselfde voorbeelde is ook deur Nash [21] in sy vergelyking van die verskillende algoritmes gebruik. Ons sou graag ons vergelyking wou baseer op die verwerkingstye maar omdat die gegewens vir die metodes nie beskikbaar is nie, is ons verplig om die vergelyking te maak aan hand van die gegewens wat uit bogenoemde artikels geneem is.

Voorbeeld 1

Funksie: $F = \dfrac{a_1\ a_2\ x_1}{1 + a_1\ x_1 + a_2\ x_2}$

DATA		
x_1	x_2	y
1,0	1,0	0,126
2,0	1,0	0,219
1,0	2,0	0,076
2,0	2,0	0,126
0,1	0,0	0,186

Tabel 5.1.1 Data vir voorbeeld 1

Beginwaardes: a^o = (10,39; 48,83; 0,74); $S(a^o)$ = 0,0365
Eindwaardes: a = (3,13; 15,16; 0,78) ; $S(a)$ = 0,4E-4

Die resultate is dieselfde vir al die verskillende algoritmes. In die geval was vir λ_o = 1.D-5 ses iterasies (minimum aantal interasies) en 17 funksieberekeninge deur PASPLT gedoen.

```
VOORBEELD 1

                                                ** INVOER **

IA    =   3      IPR   =   1      IFIT  =   1      IDENT =  -1      ITSIK =   9      MM    =   3
IR    =  65      ICON  =   1      ILYN  =   1      IDRUK =   0      KA    =   0      NL    =   3
IK    =   5      ICOR  =   0      IPEN  =   1      IPLOT =   0      KX    =   0      NN    =   3
IT    =  20      IDAT  =   0      IXAS  =   2      IPONS =   0      LEESX =   1      NGO   =   5
IAS   =   1      IDES  =   1      IYAS  =   3      IPUNT =   0      M     =   3      NSK   =   0

IX    =   1    2    3
IV    =   0    0    0
EPS   =  1.00D-08   TYD   =  1.00E 01   YDUIM =  1.10E 01   FNU   =  1.00D-05
FORM  =(8F10.0)
A(I)  =        10.390000            48.830000            0.74000000

                                                ** RESULTATE **

MINIMERING SOM VAN VIERKANTE      N =  3      M =   5
ITERASIE    0                SKW   = 3.6552445D-02      FNU  = 1.0000000D-05      FSC =  1.000000
                 A    =      10.390000         48.830000          0.74000000

ITERASIE    1    ITF   =  2  SKW = 7.8747318D-02      FNU  = 7.1888675D-05      FNN        2.154
                 V     =     0.17328219        0.81437625         1.23415610D-02
                 A     =    -0.81947796       -3.3876726          0.75656954

ITERASIE    2    ITF   = 11  SKW = 4.3227711D-02      FNU  = 0.2276534          FNN        0.5489
                 V     =     0.16509351        0.68248663         0.15241986
                 A     =     1.0693162         3.3149324          0.33219778

ITERASIE    3    ITF   = 12  SKW = 1.7911507D-02      FNU  = 0.2276534          FNN        0.4144
                 V     =     0.22672073        0.70284535         7.04339165D-02
                 A     =     5.9314598         16.566841          0.31670559

ITERASIE    4    ITF   = 15  SKW = 6.3687026D-03      FNU  = 0.3568880          FNN        0.3556
                 V     =     0.25998064        0.72613790         1.38814598D-02
                 A     =     3.0760349         14.650440          0.59867976

ITERASIE    5    ITF   = 16  SKW = 4.4989115D-05      FNU  = 0.3568880          FNN        7.0641D-03
                 V     =     0.16785860        0.79947156         3.26698336D-02
                 A     =     3.1362283         15.300905          0.78177615

ITERASIE    6    ITF   = 17  SKW = 4.3552735D-05      FNU  = 0.1784440          FNN        0.9681
                 V     =     0.16318451        0.79613805         4.06774449D-02
                 A     =     3.1311994         15.158771          0.78012198
```

Voorbeelde 2 en 3

Funksie: $f_1 = 10(a_2-a_1^2)$ $f_2 = (1-a_1)$ met $S(a) = f_1^2 + f_2^2$

Beginwaardes: Voorbeeld 2 $a^o=(-1,2;\ 1,0)$ $S(a^o) = 24,2$

Voorbeeld 3 $a^o=(-0,86;\ 1,14)$ $S(a^o) = 19,5$

Eindwaardes: Voorbeeld 2 en 3 $a=(1;\ 1)$, $S(a) = 0$

Dit word die Rosenbrock- paraboliese valleiprobleem genoem. Vir PASPLT was slegs 3 of 4 iterasies nodig om dieselfde resultate te verkry waarvoor die ander algoritmes, minstens 15 iterasies benodig.

```
VOORBEELD 2                                          ** RESULTATE **

MINIMERING SOM VAN VIERKANTE         N =   2        M =     2
ITERASIE    0                    SKW    =  24.20000              FNU = 1.0000000D-06      FSC =   1.000000
                  A       =     -1.2000000            1.0000000

ITERASIE    1     ITE     =   2   SKW =   2342.457             FNU = 1.0000000D-05      FNN           96.80
                  V       =      0.54545455           0.45454545
                  A       =      0.99997581          -3.8399419

ITERASIE    2     ITE     =   3   SKW = 3.7219746D-11          FNU = 1.0000000D-05      FNN         1.5889D-14
                  V       =      0.20661008           0.79338992
                  A       =      0.99999391           0.99998778

ITERASIE    3     ITE     =   4   SKW = 1.3794043D-19          FNU = 5.0000000D-06      FNN         3.7061D-09
                  V       =      0.50000153           0.49999847
                  A       =       1.0000000            1.0000000


VOORBEELD 3                                          ** RESULTATE **

MINIMERING SOM VAN VIERKANTE         N =   2        M =     2
ITERASIE    0                    SKW    =  19.49162              FNU = 1.0000000D-06      FSC =   1.000000
                  A       =     -0.86000000           1.1400000

ITERASIE    1     ITE     =   2   SKW =   1196.870             FNU = 1.0000000D-05      FNN           61.40
                  V       =      0.43000000           0.57000000
                  A       =      0.99999496          -2.4595913

ITERASIE    2     ITE     =   3   SKW = 1.2261505D-11          FNU = 1.0000000D-05      FNN         1.0245D-14
                  V       =      0.28905045           0.71094955
                  A       =      0.99999650           0.99999299

ITERASIE    3     ITE     =   4   SKW = 1.4989489D-20          FNU = 5.0000000D-06      FNN         1.2225D-09
                  V       =      0.50000088           0.49999912
                  A       =       1.0000000            1.0000000
```

Voorbeeld 4 en 5

Funksie: $$F = a_3\left(e^{-a_1x_1} + e^{-a_2x_2}\right)$$

DATA			
		Voorbeeld 4	Voorbeeld 5
x_1	x_2	y_1	y_2
0,0	0,0	40,2	40,0
0,6	0,4	11,0349	10,0
0,6	1,0	4,48869	5,0
1,4	1,4	2,46137	2,5
2,6	1,4	2,45137	2,5
3,2	1,6	1,82343	2,0
0,8	2,0	1,00094	1,0
1,6	2,2	0,741352	0,7
2,6	2,2	0,741352	0,8
4,0	2,2	0,741352	0,7
1,2	2,6	0,406863	0,4
2,0	2,6	0,406862	0,4
4,6	2,8	0,301411	0,3
3,2	3,0	0,223291	0,22
1,6	3,2	0,165418	0,2
4,2	3,4	0,122545	0,1
2,0	3,8	0,067254	0,05
3,2	3,8	0,067254	0,07
2,8	4,2	0,036910	0,03
4,2	4,2	0,036910	0,03
5,4	4,4	0,027343	0,03
5,6	4,8	0,015006	0,02
3,2	5,0	0,011117	0,01

Tabel 5.1.2 Data vir voorbeelde 4 en 5

```
     VOORBEELD 5                                ** RESULTATE **

MINIMERING SOM VAN VIERKANTE        N =  3       M =   23
ITERASIE    0                  SKW    =  226.8520         FNU = 1.00000000D-02      FSC =  1.000000
                 A       =     12.000000          1.0000000           25.000000

ITERASIE    1    ITE     =  1  SKW =   8.038339         FNU = 1.00000000D-02     FNN         3.5434D-02
                 V       =    0.31578947      2.63157895D-02      0.65789474
                 A       =     25.102007       1.2604175          19.837471

ITERASIE    2    ITE     =  2  SKW =   1.423041         FNU = 5.00000000D-03     FNN         0.1770
                 V       =    0.54333472      2.72818266D-02      0.42938345
                 A       =     25.121997       1.4619351          19.892340

ITERASIE    3    ITE     =  3  SKW =   1.252565         FNU = 2.50000000D-03     FNN         0.8802
                 V       =    0.54053383      3.14555162D-02      0.42801065
                 A       =     25.171994       1.5046640          19.917958

ITERASIE    4    ITE     =  4  SKW =   1.251896         FNU = 1.25000000D-03     FNN         0.9995
                 V       =    0.54023397      3.22926582D-02      0.42747338
                 A       =     25.358027       1.5074939          19.920221

ITERASIE    5    ITE     =  5  SKW =   1.251894         FNU = 6.25000000D-04     FNN          1.000
                 V       =    0.54200331      3.22122246D-02      0.42577547
                 A       =     26.027448       1.5076092          19.920343

ITERASIE    6    ITE     =  6  SKW =   1.251893         FNU = 3.12500000D-04     FNN          1.000
                 V       =    0.54846125      3.17689698D-02      0.41976978
                 A       =     27.871000       1.5076134          19.920348

ITERASIE    7    ITE     =  7  SKW =   1.251892         FNU = 1.56250000D-04     FNN          1.000
                 V       =    0.56534659      3.05810373D-02      0.40407237
                 A       =     30.504324       1.5076135          19.920349
```

Beginwaardes: Voorbeeld 4 $a^o = (12,0;\ 1,0;\ 25,0)$, $S(a^o) = 216,0$

Voorbeeld 5 $a^o = (12,0;\ 1,0;\ 25,0)$, $S(a^o) = 226,9$

Eindwaardes: Voorbeeld 4 $a = (14,3;\ 1,5;\ 20,1)$, $S(a) = 10^{-12}$

Voorbeeld 5 $a = (30,5;\ 1,5;\ 19,9)$, $S(a) = 1,25$

In voorbeeld 4 het Meyer en Roth gevind dat $S(a^o) = 187$ is, terwyl $S(a^o)=216,03$ is as PASPLT gebruik word. Die verskil is waarskynlik te wyte aan die feit dat PASPLT in dubbelnoukeurigheid werk. Die a_1-waarde het in sommige gevalle baie groot geword. In PASPLT kan die probleem voorkom word deur a_1 byvoorbeeld tydens die eerste iterasie konstant te hou.

In voorbeeld 5 het a_1 vir sommige λ_o groter as 40 geword, hoewel die som van die kwadrate van die verskille onveranderd gebly het. Omdat slegs drie x_1-waardes kleiner as 1 is, het die waarde van a_1 in $e^{-a_1x_1}$ 'n baie geringe invloed op die funksiewaarde. Die minimum aantal iterasies wat PASPLT vir voorbeelde 4 en 5 gebruik is resp. 8 en 5. Dit word slegs deur die Nash-metode oortref.

Voorbeeld 6 en 7

Funksie: $F = a_1 + a_2\ e^{a_3x}$

DATA		
x	y-voorbeeld 6	y-voorbeeld 7
1	16,7242	16,7
5	16,8262	16,8
10	16,9657	16,9
15	17,1198	17,1
20	17,2902	17,2
25	17,4785	17,4
30	17,6865	17,6
35	17,9165	17,9
40	18,1706	18,1
50	18,7619	18,7

Tabel 5.1.3 Data vir voorbeeld 6 en 7

```
MINIMERING SOM VAN VIERKANTE       N =   3       M =    16
ITERASIE    0                      SKW    = 1.1289259D 12        FNU
                A        =    2.00000000D-02       4000.0000

ITERASIE    1   ITE      =  1  SKW = 1.2806113D 11       FNU =
                V        =    4.70586023D-06       0.94117204
                A        =   -0.29658439           3365.2507

ITERASIE    2   ITE      =  2  SKW = 1.4204664D 10       FNU =
                V        =    8.26044978D-05       0.93728749
                A        =   -22.163269            2776.9625

ITERASIE    3   ITE      =  3  SKW = 1.5411610D 09       FNU =
                V        =    7.39183241D-03       0.92616486
                A        =   -305.88293            2277.5693

ITERASIE    4   ITE      =  4  SKW = 1.6994044D 08       FNU =
                V        =    0.11082331           0.82517772
                A        =   -145.65755            1830.0948

ITERASIE    5   ITE      =  5  SKW = 1.8326329D 07       FNU =
                V        =    6.83763421D-02       0.85910543
                A        =   -63.568298            1430.3004

ITERASIE    6   ITE      =  6  SKW =   1889303.          FNU =
                V        =    3.90895716D-02       0.87952379
                A        =   -29.071362            1081.1312

ITERASIE    7   ITE      =  7  SKW =   178214.2          FNU =
                V        =    2.38155460D-02       0.88567334
                A        =   -14.524521            788.76030

ITERASIE    8   ITE      =  8  SKW =   13490.07          FNU =
                V        =    1.62689107D-02       0.88349014
                A        =   -8.5491814            565.42699

ITERASIE    9   ITE      =  9  SKW =   536.4321          FNU =
                V        =    1.32573115D-02       0.87681397
                A        =   -6.3776932            428.77229

ITERASIE   10   ITE      = 10  SKW =   3.350622          FNU =
                V        =    1.29441842D-02       0.87023745
                A        =   -5.8490645            379.93979
ITERASIE   11   ITE      = 11  SKW = 0.4066671           FNU =
                V        =    1.33659978D-02       0.86821993
                A        =   -5.8071667            374.69565
```

Beginwaardes: A^o = (20; 2; 0,5), $S(a^o)$ = 1,E22

Eindwaardes : Voorbeeld 6 a = (15,5; 1,2; 0,02), S(a)=1, E-12

Voorbeeld 7 a = (15,67; 0,999; 0,022), S(a) = 0,006

Voorbeeld 8

Funksie: $F = a_1 + e^{a_2/(x+a_3)}$

DATA	
x	y
50	34,780
55	28,610
60	23,650
65	19,630
70	16,370
75	13,720
80	11,540
85	9,744
90	8,261
95	7,030
100	6,005
105	5,147
110	4,427
115	3,820
120	3,307
125	2,872

Tabel 5.1.4 Data vir voorbeeld 8

Beginwaardes: a^o = (0,02; 4000; 250), $S(a^o)$ = 1,E12

Eindwaardes: a = (-5,8; 374,7; 51), S(a) = 0,4066

In hierdie voorbeeld vind Meyer en Roth S(a) = 88 vir a=(0,0056; 6181,4; 345,2), terwyl Nash vind dat S(a) = 20137 vir a=(-735,732; 2786,66; 215,92). Die resultate van PASPLT oortref bogenoemde ver aangesien S(a) = 0,4066 vir a = (-5,8; 374,7; 51)

```
  VOORBEELD 8

= 1.0000000D-06      FSC =   1.000000
        250.00000

1.0000000D-06        FNN          0.1134
       5.88232526D-02
        224.86732

5.0000000D-07        FNN          0.1109
       6.26299037D-02
        199.22000

2.5000000D-07        FNN          0.1085
       6.64433031D-02
        176.64327

1.2500000D-07        FNN          0.1103
       6.39989710D-02
        154.48073

6.2500000D-08        FNN          0.1078
       7.25182279D-02
        132.35270

3.1250000D-08        FNN          0.1031
       8.13866402D-02
        110.48587

1.5625000D-08        FNN          9.4328D-02
       9.05111128D-02
        89.492882

7.8125000D-09        FNN          7.5696D-02
       0.10024095
        70.889227

3.9062500D-09        FNN          3.9765D-02
       0.10992872
        57.557256

1.9531250D-09        FNN          6.2461D-03
       0.11681837
        51.818916
9.7656250D-10        FNN          0.1214
       0.11841407
        51.017065
```

5.2 Vergelyking van Resultate

In tabel 5.2.1 word die resultate van [20] en [21] saam met ons resultate vir PASPLT getabuleer. In die tabel word die aantal kere wat die Jacobiaan en die aantal kere wat die som van die kwadrate van die verskille bereken word aangedui. In al die voorbeelde is die afgeleides analities bereken.

Voorbeeld	NASH		FLETCHER		DLS	MDLS	PLASPLT					
	$\beta = 4$ α=1.E-4	$\beta = 4$ $\alpha = 1$	Skaal elke Iterasie	Skaal eenmaal	λ_o=1.E-3	λ_o=1.E-3	λ_o=1.D-1	λ_o=1.D-2	λ_o=1.D-3	λ_o=1.D-4	λ_o=1.D-5	λ_o=1.D-6
1	15,22	26,39	9,15	10,16	19,29	4,4	8,12	23,44	8,15	7,15	6,17	6,18
2	25,29	32,32	23,30	15,18	38,61	17,32	23,30	17,23	6,7	4,5	3,4	2,3
3	22,25	21,25	21,26	15,19	29,46	16,29	27,36	19,24	20,29	4,5	3,4	3,4
4	6,9	13,21	18,19	64,65	-	10,25	12,12	8,8	20,23	17,21	13,17	-
5	7,11	15,22	14,18	52,55	-	14,46	9,9	6,6	5,5	5,5	5,5	5,5
6	66,89	69,97	58,82	36,39	-	24,40	45,63	47,67	53,76	51,77	51,75	52,78
7	121,170	67,95	60,87	17,40	-	22,35	42,59	44,63	39,56	41,63	51,76	51,79
8	13,23 *	15,25 *	8,14 *	10,21 *	-	7,12 *	22,27	28,37	13,13	12,12	12,12	12,12

* - Verkeerde optimum

Tabel 5.2.1 Minimum aantal iterasies en aantal funksieberekeninge deur verskillende metodes vir voorgaande voorbeelde

-81-

Uit die tabel 5.1 blyk dit dat PASPLT in baie gevalle beter resultate (d.w.s. minder iterasies en minder funksie-berekeninge as die ander algoritmes lewer. Dit blyk ook dat λ_o = 1.D-5 'n goeie beginwaarde vir al die voorbeelde van λ is.

5.3 Samevatting

Uit voorgaande is dit duidelik dat PASPLT baie goed vergelyk met programme wat op ander algoritmes gegrond is.

Funksies met meer as 1000 eksperimentele datastelle en 25 koëffisiënte is suksesvol gepas, terwyl konvergensie baie vinniger verkry is, as met die program PASF wat ons tot dusver gebruik het.

Die program PASPLT voldoen dus aan al die vereistes wat in paragraaf 1.1 gestel is.

8. OPSOMMING

TITEL : 'n Algoritme vir kleinstekwadrate-benadering

LEIER : Prof. N Sauer

DEPARTEMENT : Toegepaste Wiskunde

GRAAD : M.Sc. (Toegepaste Wiskunde)

Die doel van hierdie verhandeling is om 'n algoritme vir kleinstekwadrate-benaderings te vind en om met behulp van die algoritme 'n rekenaarprogram te ontwikkel vir die minimering van die kleinstekwadrate-benadering en die passings van krommes deur gegewe eksperimentele data.

Eerstens word die norm en die pseudo-inverse van matrikse sowel as Householder-transformasies bespreek, aangesien ons daarvan gebruik maak in die oplossing van ons probleem.

In die lineêre kleinstekwadrate-probleem word die koëffisiënte matriks A ontbind in 'n produk van 'n ortogonale en 'n bo-driehoeksmatriks. Hierdie produk word dan gebruik om die pseudo-inverse van A te verkry.

Die algoritme wat ontwikkel is vir die nie-lineêre kleinstekwadrate-probleem is gebaseer op die Gauss-Newton-Marquardt-metode, waar met elke stap 'n lineêre kleinstekwadrate-probleem opgelos word. Resultate wat met behulp van die algoritme verkry is, word ook vergelyk met die resultate van ander algoritmes.

9. SYNOPSIS

TITLE : An algorithm for least squares approximation

LEADER : Prof N Sauer

DEPARTMENT : Applied Mathematics

DEGREE : M.Sc. (Applied Mathematics)

The purpose of this thesis is to obtain an algorithm for a least squares approximation and to develop with the aid of this algorithm a computer programme which minimises a sum of the squares and to fit a curve through experimental data.

Firstly the norm and the pseudo-inverse of matrices as well as the Householder-transformations are discussed since these concepts are utilised to solve the problem.

In the linear least squares problem the coefficient matrix A is written as a product of an orthogonal and toptriangularised matrix. This product is then used to find the pseudo-inverse of A.

The algorithm developed for non-linear least squares problems is based on the Gauss-Newton-Marquardt method, where in each step a linear least squares problem is solved.

Results obtained with the aid of this algorithm are then also compared with the results obtained from other algorithms.

10. BYLAE A

In hierdie bylaag verskyn die gedokumenteerde program op bladsy A1, sowel as die verskillende FORTRAN-subroetines wat in die program gebruik word.

Die betekenis van die verskillende parameters wat in die naamlys voorkom word op p.A2 gegee en op p.A5 verskyn 'n lys van die keuseparameters met hulle onderskeie betekenisse.

Die volgende lyste van FORTRAN-subroetines verskyn in bylaag A: DATTYD, DIMEN, DIME, PASDIM, DATA, BEGIN, MINLSQ, DIFF, FIT, CORREL, DATUIT, CONST, PLOTT, ASSE, LYN.

```
C   DOEL
C   ----
C
C   DIE PROGRAM BEREKEN DIE KOEFFISIENTE VAN 'N LINEERE OF NIE-LINEERE
C   MEERVOUDIGE REGRESSIEVERGELYKING,IN DIE VORM  Y=F(X,A), WAAR X DIE
C   VEKTOR MET DIE ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES EN A DIE KOEFFISIENTE
C   VEKTOR VOORSTEL.
C
C   METODE
C   ------
C
C   DIE METODE WAT GEBRUIK WORD IS DIE GAUSS-NEWTON-MARQUARDT METODE, MET
C   TOEPASSING VAN HOUSEHOLDER TRANSFORMASIES, DIE REGRESSIELYN WORD
C   GESKEI IN 'N LINEERE EN NIE-LINEERE GEDEELTE.
C
C   GEBRUIK
C   -------
C
C   UIT GEGEWE DATA X(I,J) WORD DIE ONAFHANKLIKE SOWEL AS DIE AFHANKLIKE
C   VERANDERLIKES, TUSSEN GEGEWE GRENSE GX UITGESOEK, WAAR
C   GX(1,J) DIE ONDERSTE GRENS EN GX(2,J) DIE BOONSTE GRENS VOORSTEL.
C   AAN DIE EINDE VAN DIE DATA X(I,J) MOET 'N KAART GEPLAAS WORD MET 'N
C   '*' IN KOLOM 1,DIE RES VAN DIE KAART KAN GEBRUIK WORD VIR KOMMENTAAR.
C   DIE FUNKSIE Y=F(X,A) WORD IN DIE SUBROETINE PASDIM MET INGANGSPUNT
C   'ENTRY PASFUN(X,A,FPAS)' DEUR DIE GEBRUIKER GEDEFINIEER.
C   PASDIM WORD DEUR DIE GEBRUIKER VOORSIEN.
C   DIE KOEFFISIENTE VAN DIE PASSING WORD IN DIE VEKTOR (A(I),I=1,NL)
C   GESTOOR, EN DEUR IV(J) = 1 TE STEL, KAN DIE OOREENSTEMMENDE A(J)
C   GEDURENDE DIE MINIMERINGSPROSES KONSTANT GEHOU WORD, DIT IS OOK
C   MOONTLIK OM DIE A'S TUSSEN GEGEWE GRENSE TE BEGRENS.
C   PROGRAMPARAMETERS WORD DEUR MIDDEL VAN 'N 'NAMELIST' INGELEES, BAIE
C   VAN HIERDIE PARAMETERS IS OPSIONEEL EN DUS NIE NODIG OM IN TE LEES
C   NIE.
C   DIE PROGRAM BESIT DIE FASILITEIT OM DIE GEPASTE KROMME TE TEKEN, DEUR
C   VERSKILLENDE VERANDERLIKES KONSTANT TE HOU.
C   DIE DIMENSIES VAN DIE PROGRAM WORD IN DIE SUBROETINE PASDIM GEDEFINI-
C   EER EN DIT IS MOONTLIK OM NOG VERANDERLIKES IN DIE SUBROETINE PASDIM
C   ONDER INGANGSPUNT PASGEN TE GENEREER.
C   'N KORRELASIETABEL KAN UITGEDRUK WORD, WAT DIE KORRELASIE TUSSEN DIE
C   VERSKILLENDE VERANDERLIKES WEERGEE.
C   INDIEN DIE FUNKSIE LINEER IN SY A-WAARDES IS, KAN DIE OPLOSSING
C   REGSTREEKS VERKRY WORD DEUR IT = 0 TE STEL.
C
C   DIE PROGRAM IS IN DUBBELNOUKEURIGHEID VIR 'N IBM 370/155  EN
C   'N CALCOMP 936 MODEL STIPPER, GESKRYF.
C
C   BELANGRIKE UITSETPARAMETERS.
C
C   IER      = 'N UITSETPARAMETER MET DIE VOLGENDE BETEKENIS.
C              IER   = 0   GEEN FOUT, NORMALE KONVERGENSIE.
C              IER   = 1   GEEN KONVERGENSIE NA IT ITERASIES.
C              IER   = 2   AANTAL DATAPUNTE IS MINDER AS KOEFFISIENTE.
C              IER   = 3   GEEN KONVERGENSIE KAN VERKRY WORD.
C              IER   = 4   RANG VAN MATRIKS MET AFGELEIDES IS KLEINER AS
C                          AANTAL KOEFFISIENTE.
C              IER   = 5   TE MIN TYD TOEGELAAT.
C
C   IT       = AANTAL ITERASIES GEDOEN
```

```
C
C   BESKRYWING VAN PARAMETERS WAT DEUR MIDDEL VAN 'N NAAMLYS INGELEES
C   KAN WORD.
C
C   PASSINGPARAMETERS.
C   ------------------
C
C   FORM       = 'N 9 DIMENSIONELE *8-VEKTOR WAT DIE FORMAATSTELLING BEVAT
C                WAARMEE DIE X'E INGELEES WORD.
C
